Die Geïdentifiseerde Christus Van Alle Eeue

Dankie, broer. Mag maar sit. Dit is beslis vir my 'n groot voorreg vanaand, om hier te wees in Louisville, Mississippi. Ons het uitgesien na hierdie tyd, vir 'n hele ruk, en ek het gedink dat ek by Louisville sou uitkom. Ek is net oorkant die rivier van Louisville, Kentucky, my geboortetuiste. Dit is soos om weer tuis te kom, om in Louisville te wees.

Nou, daarbo, noem party van hulle dit "Luavul," "Louisville," en "Lueyville." En ek weet nie wat dit hier is nie. Ek dink ons beste manier, wat ek dit altyd noem, was Louis-ville. Lyk asof L-o-u-i-s- Louis-ville sou wees. Maar, by die huis is die "Luavul," en "Lueyville," en "Louis-ville," so ons maak net ons keuse, watter een ons wil gebruik.

Die hoofsaak is, dat, ons saam vergader is in die Naam van die Here Jesus. Ons is hier vergader vir geen ander doel behalwe om Hom te dien, en dat Sy groot Naam meer onder ons geëer mag word nie. Wanneer ons is . . . Wanneer die diens verby is, dan kon dit . . . Dis moontlik, soos dit nou kan wees. Ons weet dat ons Hom eer met ons hele hart.

En nou het ek hiernatoe gekom op die uitnodiging van die predikers van hierdie, die area hierdeur, en hierdie plek. En ek kom nie met iets anders as hulle nie; net dieselfde Evangelie. Ek glo, Jesus het eenmaal gesê, dat: "Die Koninkryk van die Hemel is soos 'n man wat 'n—'n net geneem het en see toe gegaan het. En toe hy dit ingegooi het, het hy alle soorte uitgetrek." Nou, dis wat ons kry in die Evangelie net.

Wanneer 'n man 'n net in die see gooi, of in die meer, weet hy kwalik wat hy daaruit gaan kry. Want, hy kan krewe kry. En hy kan 'n aasvretervis kry. Hy kan spinnekoppe kry, 'n slang, en—en wat ook al.

Maar, dis ons plig om te trek. En dit is nie ons plig om te oordeel nie. En ek kom om my net te neem, wat die Here vir my gegee het, en dit aan te sluit by hierdie manne se net, wat, twee nette sal net 'n bietjie verder uitreik as wat een net sal. So, ek het my net aangesluit by julle broers hier. Al julle mense hier, wat behoort aan hierdie kerke hierrond, ek het my net aangesluit by julle, om in die see uit te gooi hier, en in te trek en te kyk of die Here 'n—'n paar hierin het wat nog nie gevang is nie. En mag die groot Evangelie van ons Here Jesus Christus so geïdentifiseer word onder ons, in die volgende vyf

aande hier, dat ons al diegene wat nie gevang is in hierdie eeu nie, sal sien gevang word in die—die Evangelie net, vir die Meester se gebruik.

Nou, ons, dit kan nie alleen, alleen gedoen word nie. Dit moet gedoen word met samewerking en gebed, en ons almal saam, om te verenig en ons harte te verenig, en te bid.

En nou het ons omtrent ’n vyftien jaar herlewing geniet, wat volgens die geskiedenis langer is as wat enige herlewing ooit geduur het, volgens my wete. Gewoonlik, hou ’n herlewing omtrent drie jaar, dan word dit verstrooi. Maar in die geloof dat hierdie een van die laaste groot herlewings is wat die wêreld sal ontvang, en dit het gekom in die laaste eeu, die Laodicése eeu, aan die einde van die Pinksterbedeling. En ek glo die kerk gaan nou uit in sy louwarmheid, soos die Bybel voorspel het. En ons sien net die vangs van die laaste paar, wanneer ons dinge sien gebeur soos wat gebeur het in die wêreld, in die laaste paar dae.

Byvoorbeeld, die groot aardbewing in Alaska. Was nooit ’n aardbewing soos daardie, in die hele wêreld nie. Het julle opgelet? Dit het op Goeie Vrydag gekom. Julle weet, die laaste tyd wat die wêreld geskud is, is op Goeie Vrydag, ook, toe ons Meester gesterf het. En dit het die hele wêreld geskud, en onthou, dit mag die teken van Sy terugkeer wees. Hy het gesê, dat: “Daar sou aardbewings op verskillende plekke wees.” Vandag het ons nog een in Kalifornië gehad, en hulle verskyn net oral, ligte aardbewings. Ons let op, selfs die Kongresgebou het van sy plek af geskuif, en teruggeskuif. En—en hieronder in Baton Rouge, Louisiana, is daar ’n swembad daar, wat die water uitgestort het, van al die pad van Alaska af. Oorkant in Switserland, Swede, en daardeur, geboue geskud en dinge, om die wêreld.

Ek glo dit probeer ons oë oopmaak, om die uur te sien waarin ons lewe. Ek is hier in godsvrees, dat dit gouer mag wees as wat ons dink, van Sy verskyning.

En broer en suster, selfs aan die jongmense, laat ons al die opregtheid insit wat ons kan. Dit mag die laaste herlewing wees wat ons ooit sal bywoon, en ons mag nie deur hierdie een kom, tot Sy Koms nie. Ek kyk uit vir Hom vandag. As Hy nie hier is vandag nie, sal ek uitkyk vir Hom môre, as ek hier is. En ek het nou vir Hom uitgekyk, vandat ek gehoor het van Sy terugkeer, en dit was drie-en-dertig jaar gelede toe ek my hart vir Hom gegee het. Ek was agter die preekstoel, drie-en-dertig jaar, Sy ondeurgrondelike rykdomme van Sy glorie probeer bekend maak. En ek vertrou dat God Homself so sal bekend maak onder ons, dat elke ongelowige gered sal word, en al die siekes genees sal word, en die heiliges van die Here, Sy gelowige kinders opgelig sal word in die—in die Gees.

'n Herlewing beteken nie om nuwe lidmate te kry nie. Dis die opwekking van dit wat ons alreeds het. Sien? Dis opwekking.

Ek het gestaan, 'n tyd gelede, en die golwe dopgehou op die Michigan Meer, gesien, daarbuite gestaan, na 'n groot herlewing in Chicago. Ek het die—die golwe gesien, hoe hulle ingekom het, net in 'n groot gety, net in en uitgegaan het. Ek het gedink, jy weet, dit het my herinner aan die lied: "Vreugdevloed oor my siel, soos die seegolwe rol." En daardie golwe begin iewers, buite in die meer of in die oseaan. En soos hulle kom, bou hulle momentum op, die heeltyd. Dan, uiteindelik, tref dit die wal; net om uit te gaan, om weer in te kom.

Dis hoe die golwe van God se heerlikheid maak. Dit kom in, net soos—net soos golwe, oor en oor, weer en weer, en heen-en-weer, rol die golwe van die vreugde van God deur ons siele.

Ek wonder: "Wat was die doel daarvan? Wat is die doel om die water op-en-af te maal?" Die natuur het 'n manier om vir homself te sorg.

Net soos mense, nou, wanneer julle in julle kerk is met julle pastore, wanneer julle 'n Sondagskoolles het, of—of iets in julle kerk. Miskien is daar geen opwinding wat aangaan, of—of niks ongewoon nie. Maar, tog, is daar net soveel van God in jou hart as wat daar is wanneer jy op-en-af spring of skree.

Ek het gedink: "Waarom doen hulle dit?" Dieselfde rede waarom God 'n herlewing het, is dieselfde rede waarom Hy 'n herlewing in die see sit, 'n herlewing in die meer sit. En die water, wat op-en-af maal, neem al die gemors uit die water, gooi dit op die oewer. En ek dink dis 'n goeie ding, dat ons herlewings het, en soort van al die bygelowe van ons afkry, en al die—die—die wêreld uit, dit uitmaal, en dit uitgooi op die oewer, sodat die water vry kan wees daarvan.

Nou, vanaand, is dit soort van. . . Eerste keer wat ek ooit hier was, en tog voel ek nie soos 'n vreemdeling onder julle nie. Ek—ek is nie. Ek is julle broer. En ek—en ek, natuurlik, die nuutheid om net mekaar te leer ken. . . Waarskynlik, party van julle, het ek nog nooit gesien nie. Miskien het julle my nog nooit gesien nie. En daar's altyd daardie klein stywe gevoel wat jy net. . . Dis moeilik. En ons net. . . Dis net so, nou, oral. Ek maak, begin op my agtste reis om die wêreld. En ek—ek—ek vind dit, oral, maak nie saak waar jy is nie.

Maar wanneer jy Christenmense vind, waar die Heilige Gees is, maak nie saak watter volk, hoe ver in die oerwoud, of wat ook al dit is nie, hulle doen dieselfde ding wat jy doen wanneer jy die Heilige Gees ontvang. Hulle doen net dieselfde ding. Hulle het dieselfde vryheid wat hulle het. Hulle glo op dieselfde manier en tree op dieselfde manier op wat enige Christen optree wanneer hy Christus ontvang.

Maar, daarin, vind jy daardie styfheid. En, ek dink, die eerste aand is 'n goeie tyd net om soort bekend te raak. En dan, nou, dan, soos die diens voortgaan en aangaan, dan raak ons meer bekend met mekaar as wat ons nou is. Maar, gouer ons daar uitkom, wel, beter sal dit vir ons wees.

Die Heilige Gees is sagmoedig, baie, baie sagmoedig. En—en waar jy net een ongelowige of 'n twyfelaar het wat rondsit, kan die Heilige Gees kwalik werk. Onthou, Jesus het 'n man reg uit die stad gelei, om hom te genees, eenkeer, hom weg te kry van ongeloof. Hy het in Sy Eie stad ingekom, en die Bybel het gesê: "En baie magtige werke kon Hy nie doen nie." Ons wil nie so daaraan dink nie, maar die Bybel het gesê Hy kon dit nie doen nie. Sien? Hy kan niks doen teen jou geloof nie. Jy moet dit glo.

Iemand het vir my vertel, baiekeer, gesê: "Broer Branham, ek gee nie om wat sou gebeur nie. Ek glo Dit nie." Wel, Dit was nie vir daardie persoon nie.

Dis nie vir ongelowiges nie. Dis net vir gelowiges, hulle wat glo. "Alle dinge is moontlik vir hulle wat glo." Ongelowiges kry niks. En so hulle—hulle glo net niks, so hulle kry niks. As hulle net 'n koue teologie het, dis wat hulle kry. Maar diegene wat in God glo, en glo dat Jesus Christus net so werklik vandag is as wat Hy ooit was, dis wat hulle ontvang. "Net volgens jou geloof, sal dit vir jou wees."

En dan hierbinne, het ek gedink ek sou gee, vanaand, wat ons probeer doen.

Nou, ek veronderstel, siende dat hierdie Pinkster geborg is, dat die meeste hierbinne Pinkstermense is. En dis waar ek my ondersteuning gegee het, hoewel ek nooit by enige Pinksterkerk aangesluit het nie, en geen sekere kerk nie. Ek het geen denominasie, sekere denominasie nie. En, om die waarheid te sê, ek's nie te veel daarvoor nie. Hulle kan hê wat ook al hulle wil. Maar julle trek die lyne, julle sien, en God—God hou nie van lyne wat in Sy Kerk gebou word nie.

Herinner my aan 'n kêrel, eenkeer, wat 'n paar eende gehad het, en hy—hy het hulle vlerke geknip sodat hulle nie uit 'n hok kon vlieg nie. Hy het 'n paar eende aan die ander kant gehad, en eende aan die ander. Water het begin inkom. Die eerste ding waarvan jy weet, het die water hoër en hoër geraak, en die eende het toe bymekaar gekom. Sien? Dis wat ons nodig het om te doen. Laat die waters begin styg, en die eende dan bymekaar kom, julle sien, dan. En ons is almal in dieselfde water. So, denominasionele grense kan uitgedryf word as ons net die water diep genoeg laat word.

Soos 'n man in 'n mielieland. 'n Kêrel het aanhou sê. . . Hy het een land gehad, plante aan *hierdie* kant; nog een *hierdie* kant. En so het 'n kêrel oorgevlieg, elke oggend, sou kyk na

daardie mielieland. Hy het gesê: "Is dit nie 'n mooi mielieland *hier*, en een *daar* nie!" Nadat die mielies 'n bietjie hoër geword het, die heelpad oor die draad gegaan het, het dit gelyk soos een land. So ek hoop dit word so hier, dat ons een yslike, groot hart-tot-hart mielieland vir God se Koninkryk is.

Nou, ons doel.

Nou, baiekeer, sê mense: "Broer Branham, die Goddelike geneser." Nee. Dis verkeerd. Daar is net een geneesheer; dis God. Daar's geen medisyne wat 'n geneesheer is nie, geen dokter wat 'n geneesheer is nie. Daar is geen goeie dokter wat kan aanspraak maak om 'n geneesheer te wees nie. En as hy dit doen, dan vertel hy—hy—hy jou iets wat verkeerd is.

Daar is 'n onderhoud gevoer met my deur Mayo Broers, en hulle het gesê: "Ons sê nie ons genees die siekes nie, Mnr. Branham. Ons sê ons help die natuur. Daar is een geneesheer; dis God." En hoe verstandig is dit!

Jy kon jou arm breek; 'n dokter kan dit spalk. Maar hy kan dit nie genees nie, want hy het niks om mee te genees nie. Dit moet weefsel bou. 'n Dokter kan 'n tand uittrek, of 'n blindederm uitsny, maar wie gaan genees? Sien, die Bybel is nie verkeerd nie. Die Bybel is reg in elke Woord. "Ek is die Here Wie al jou krankhede genees." Al! Geen ander nie! Geen feit nie. Hulle het nog niks gevind wat weefsel sou bou nie. Hulle het medisynes gevind wat kieme kan vergiftig, totdat—totdat die weefsel saamsmelt, maar dit neem God, om te genees. God is die enigste geneesheer wat daar is.

So, die Bybel is heeltemal waar. En dis waarop ons staan: die Bybel. Dit moet SO SPREEK DIE HERE wees. Nou, ons glo wel dat God dinge kan doen wat nie geskryf is in Sy Woord nie, omdat Hy God is. Hy doen wat ook al Hy wil. Maar, tog, ek wil graag iets sien, wanneer dit kom in die lyn van 'n doktrine, uit die Bybel kom. Want, ek glo dat die Bybel die volle openbaring van Jesus Christus is. Die Bybel het gesê dis wat Dit is. Dit is die openbaring van Jesus Christus. En niks moet Daarby gevoeg word, of enigiets Daaruit geneem word nie. So, ek hou daarvan om reg te bly in wat Dit sê en wat Dit belowe. As Hy net doen wat Hy belowe het, dis al wat ek wil sien, in elk geval. Dan sal ek weet ek sal Hom sien.

Nou, hierin wil ons nie probeer sê ons probeer Goddelike genesing die hoofsaak maak nie, want Goddelike genesing is 'n bysaak. En jy kan nooit van 'n bysaak 'n hoofsaak maak nie. Maar omtrent ses-en-tagtig persent, dink ek is dit geskat, van Jesus se bediening, was oor Goddelike genesing. Hy . . .

Soos Dr. Bosworth altyd gesê het, my . . . Een van my medewerkers wat pas na die Heerlikheid gegaan het, 'n paar jaar gelede, omtrent . . . was omtrent vier-en-tagtig jaar oud. Hy het gesê: "Goddelike genesing is die aas wat aan 'n vishoek

is. En jy wys nooit vir die vis die hoek nie. Jy wys vir hom die aas, sodat hy die aas vat en die hoek kry." So, dit, dis wat dit is. Ons wil die vis vang tot die eer van die Here; hulle uit die wêreld uitvang, en hulle in die Koninkryk van God inbring.

En so, Goddelike genesing, die hoofsaak is Goddelike genesing van die siel. Die Liggaam van Christus, dit het genesing meer nodig as enigiets waarvan ek weet, is die Liggaam van Christus. Dis so stukkend gebreek deur die mens se teologie en denominasionele verskille, totdat dit 'n siek Liggaam is. En ek . . . En ek sê julle, dit—dit het genesing nodig, groot genesing. So ek—ek vertrou dat die Here 'n groot ding sal doen vir die genesing van Sy deel van die Liggaam wat hierbinne is.

Ons glo dat daar een is, een Kerk. En ons sluit nooit Daarby aan nie. Volgende Maandag, sal ek vyf-en-vyftig jaar oud wees, en die Branham familie het my nooit gevra om by hulle familie aan te sluit nie. Ek was 'n Branham gebore. Dis hoe—dis hoe ek is.

Nou, dis hoe ons Christene is. Ons word 'n Christen gebore. En jy sluit nie daarby aan nie. Jy word daarin gebore. Dan neem jy die karakter van Christus.

Nou, ons vind ook dat, hierin, baie mense hier in Amerika, veral, wat geleer is. Ons het die stelsel, of, die—die Here het dit beveel, so dis goed, van hande lê op die siekes en vir hulle bid. Dit was die laaste opdrag aan die kerk. Dis baie goed. En dit is uitgevoer, dwarsdeur die eeue. Elke keer wat 'n herlewing uitgebreek het in enige eeu, was daar Goddelike genesing daarmee saam, en die bonatuurlike van God.

En nou vind ons, in hierdie eeu, en my poging, wat ek probeer bereik, is dit. Daar was soveel in hierdie laaste dag, van mense wat Goddelike genesing preek, het soveel selfverheerliking daarin gesit, dat dit 'n swak smaak gegee het voor die publiek. Dit was: "Prys die Here! Broer *So-en-so* het hande op my gelê, en, prys die Here, ek is genees." Nou, as ek dit net kan uitlaat!

As iemand kon sê: "Die Here Jesus het my gesond gemaak," hoeveel beter sou dit wees, julle sien. So, met die bedieninkie wat die Here my gegee het, is om Hom in julle teenwoordigheid in te bring, dat julle hande sou lê op Hom, julle Offer, en gesond word. Dit is nie soveel hande oplê nie. Wat, ons doen, ons almal. Ons bid en lê hande op die siekes.

Ons genees nie die mense nie. Hulle is alreeds genees. Elke persoon is alreeds genees. Hoeveel glo dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou kom ons kyk hoe ons gemeente geleer is. Daar is twee derdes van hulle wat dit in elk geval glo. Nou, daardie: "Hy is ter wille van ons oortreding deurboor; deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Elke eienskap

waarvoor Hy gesterf het, op Gólgota, is ons s'n van daardie tyd af, alles waarvoor Hy gesterf het. "Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor; ter wille van ons ongeregtighede verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring was op Hom; deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." *Het* daar vir ons genesing gekom, verlede tyd.

Elke sondaar is gered. Vanaf die dag wat Jesus gesterf het op die kruis, het Hy elke sonde van die mens vergewe.

Nou, God is 'n groot—'n groot. . . soos 'n groot Wese. "In die begin God. . . " Sien? Ons. . . Hy was nie eens God, om mee te begin nie. *God* is "'n voorwerp van aanbidding." En Hy is genoem. . . Daar was niks, om te aanbid nie. Hy was self-bestaande, Elohim, en daar was niks om Hom te aanbid nie. Toe Hy Engele geskep het, toe was daar iets om Hom te aanbid.

Maar in hierdie groot God, Elohim, was eienskappe. Daar was eienskappe daarbinne om God te wees; eienskappe om Vader te wees; eienskappe om Seun te wees; eienskappe om Verlosser te wees; eienskappe om geneesheer te wees. Al hierdie eienskappe was in God. En as jy ooit Ewige Lewe gekry het, was jy in God se eienskappe, omdat jy Ewige Lewe gekry het. Jesus het gekom as Verlosser. En *verlos* beteken "bring dit terug van waar dit begin het." Reg. Jy was in God se denke. Hy mag *dit* met *daardie* moes teel, en *hieronder* en *hieronder*.

Soos 'n man wat klokke maak vir die kerk; soveel koper insit en soveel yster, en dit net op die regte toonhoogte kry. Die vormer weet hoe om dit in te sit. As hy dit nie doen nie, kry hy nie die regte klank nie.

En God weet net presies waar jy behoort, en watter eeu jy in behoort. En, daarom, as jy Ewige Lewe gekry het; die woord *Ewig* is "iets wat nooit begin het, of nooit kan eindig nie." So wie ook al jy was, sien, was jy, was jy altyd. Jy was God sê eienskap wat— wat vertoon word, 'n—'n Woord. "In die begin was die Woord."

En die woord is 'n gedagte wat gemanifesteer is. Jy dink dit, dan spreek jy dit. Soos ek sou sê: "Die lig." Ek moes "lig" dink voordat ek "lig" gesê het. "Mikrofoon," moet sê. . . "Mikrofoon" dink om "'n mikrofoon" te sê.

En ons is God se eienskappe wat vertoon word.

En ek vind uit, ek vind twee klasse mense soos dit voortgaan. Een van hulle is die fundamentaliste, en die ander een is die Pinksters. Nou, die Pinksters het iets, maar hulle weet nie wie hulle is nie. En die fundamentaliste weet iets, maar het niks daarmee saam nie. So nou, daar, dis net soos 'n man wat geld in die bank het, en nie 'n tjek kan uitskryf nie. Die ander een kan 'n tjek uitskryf; het geen geld in die bank nie. As jy ooit daardie ding bymekaar kon kry, sou dit—sou dit 'n groot ding wees.

Maar, nou, ten aanskoue hiervan, die manier wat ons die diens probeer hou, is vir julle, julle as die indiwidu, vir julle behoefte in Christus. Verlossing, Goddelike genesing, of wat ook al julle nodig het, is om, deur geloof, te weet dat julle in die Teenwoordigheid van Christus is, en deur geloof kan julle uitreik en dit kry. Want, dis die enigste manier waarop julle dit ooit sal kry. Is. . .Deur geloof is ons gered. Deur geloof is ons genees. Sien? Niks wat God moet afkom en weer doen nie; Hy het dit alreeds gedoen.

So, julle sien, die hele ding is—is, God wat tasbaar word. Dat, op die groot Dag wat gaan kom, wanneer Christus op die troon van Dawid sit, en in die Millennium regeer, is dit God, tasbaar, in die aarde.

Hy is nou in julle. Julle is Sy eienskappe. As jy Ewige Lewe het, was jou lewe altyd. En jy was God se denke: die kleur van hare, wat jy ook al is, jy was God se denke, en jy is net gematerialiseer.

En dis wat God was toe Hy gematerialiseer is in Christus; God, vertoon, gemanifesteer in vlees, in Christus. Hy het stoflik geword; God wat ons kon aanraak. Een Timóthéüs 3:16: "Onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: want God is gemanifesteer in die vlees." Sien? Sien? Dit was God wat gemanifesteer is, gereed gemaak het.

Nou, hier is ons, in hierdie vorm, steeds is ons negatief. Soos om 'n foto te neem van iets, en dit af te neem. God het gesê: "Hy sal donker hare hê, blou oë, ensovoorts. Hy sal *dit*, *dat*, of die *ander* wees." Die foto is geneem, die ouderdom van omtrent twintig jaar oud, twee-en-twintig.

Dan tree die dood in, jy begin afsterf. Maak nie saak hoeveel jy eet, hoe goed jy voedsel terugsit in jou liggaam, om bloedselle te maak nie, jy is sterwend. En daar is geen wetenskaplike in die wêreld wat dit kan verduidelik nie.

Jy water uitgegooi het uit 'n houer, in 'n glas, dit raak halfvol; dan net aanhou gooi, raak dit minder. Wat daarvan?

Die kos wat jy eet maak bloedselle. Bloedselle bou jou liggaam. Elke keer wat jy eet, hernu jy jou lewe. Toe jy een jaar oud was, verder aan, verder aan, totdat jy omtrent twee-en-twintig geword het. En dan, nou, jy eet dieselfde kos. Ek eet dieselfde kos wat ek het op sestien. Op sestien, elke keer wat ek eet, het dit spiere gebou en groot en sterk. Ek het my volwassenheid bereik. En dan, na volwassenheid, het ek dieselfde kos geëet, en beter, en meer daarvan, en ek word ouer en swakker, die heeltyd. Maar elke keer wat ek my lewe hernu, dan hoef ek nie te sterf nie. Sien?

Maar God het 'n afspraak gemaak, en die mens moet sterf en die Oordeel trotseer. En jy gaan daardie afspraak nakom,

vriende. Onthou dit net. En terwyl ons hier is vanaand, wil ons daardie dinge onthou, dat ons daardie afspraak moet nakom. Daar sal baie wees waarvan jy sal opstaan en van wegkom, maar dis een ding waarvan ons seker is, elkeen, om na te kom. En nou, daarin, dis afspraak wat God met die mens gemaak het. Die liggaam moet, omdat dit nog negatief is. Dis onderhewig aan die dood.

So, Hy kry die Ewige Gees, Sy eienskap vertoon in daardie liggaam, dan, soos enige foto in sy negatiewe vorm, gaan dit na die donkerkamer. Daar word dit ontwikkel. Dit kom uit na die volmaakte foto. En ons gaan in die donkerkamer in, maar om uit te kom nadat die negatiewe 'n volmaakte foto was, na die beeld van Christus. Ons gaan in die donker graf in, in die donkerkamer vir ontwikkeling. Dit neem die dood om dit te ontwikkel.

Net soos dit die dood neem, tot jouself, om die foto van die beeld van Christus te ontwikkel, die lewe van Christus in jou. Jy moet jou eie uitgooi, sodat Christus kan inkom. Jy moet sterf tot jouself.

So sterf jou fisiese liggaam om gevorm en vervorm te word na die beeld van Hom. Maar daar is steeds daardie eienskap wat nie vernietig kan word nie. Dit kan nooit vernietig word nie. Dis God, in die begin. Dis God, bokant ons, God met ons, God in ons. En dis al die eienskappe van God: Ewige Lewe aan die seuns van die mens.

Nou laat ons bid.

Dierbare Hemelse Vader, ons bid vanaand dat U ons sal seën en eer sal ontvang uit ons byeenkoms. Ons wy hierdie gebou en die gronde toe, plaas onsself daarop en gee dit aan U, as 'n offer, Here, tot die eer van U Naam. Skenk dit, Here. Seën alles wat ons doen. Mag dit wees om Jesus Christus te eer, en Hom 'n lewende werklikheid onder die mense te maak.

2 En wanneer die dienste verby is, en ons vertrek vanaf hierdie dienste, en na ons huise gaan, mag ons sê soos diegene wat omtrent negentien-. . . jaar gelede, hierdie afgelope Pase, toe hulle van Emmáüs gekom het, toe Hy aan hulle verskyn het en dieselfde ding gedoen het wat Hy gedoen het voor Sy kruisiging. Hy was die opgewekte Here, omdat Hy steeds Homself bekend gemaak het in dieselfde dinge wat Hy gedoen het voor Sy kruisiging, en hulle oë is geopen en hulle het Hom herken. God, mag ons vanaand sê, na negentienhonderd jaar, wanneer ons op ons pad is terug huis toe, vanaand mag ons sê: "Was ons harte nie brandende in ons, toe Hy met ons op die pad gepraat het nie?" Mag Hy Homself identifiseer onder ons vanaand, Here, as die opgewekte Here, gereed om terug te keer vir Sy Kerk. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

3 Elke aand, om die ding ordelik te hou, ons kom om voor gebid te word; Broer Borders, of—of my seun, Billy Paul, een van hulle, sal elke aand hier wees, omtrent—omtrent 'n uur voor die dienste begin. En hulle sal kaartjies afbring wat getalle op hulle het. Hierdie seun sal hierdie kaarte neem en hulle deurmekaar maak, reg in, voor julle. Sien? So, dit, en dan vir julle 'n kaart gee, watter een julle ook al wil hê. Wanneer ek in die aand afkom, elke aand. . . Dit gee die nuweling, elke dag, 'n—'n kans om 'n gebedskaart te kry.

4 Dan elke aand, nie te veel sal op die platform kom op 'n keer nie, maar ek sal soveel opbring om voor gebid te word. Mag kom, begin vanaf een daar, is vier, dit wys dat die seun wie die kaarte uitgee nie enigiets vir julle kan waarborg, of 'n gebedskaart aan julle verkoop, wat sal wys julle gaan in die gebedsry kom nie. Julle het dieselfde kans, omdat die kaarte deurmekaar gemaak word, voor die gehoor.

5 Nog 'n ding is, dat ek mag begin vanaf enige plek. Ek mag begin vanaf vyftig, om terug te kom na dertig, om vorentoe te gaan, of vanaf. . . Dan partymaal tel ek hoeveel in hierdie ry is, en verdeel dit deur hierdie ry, ensovoorts soos daardie, om 'n getal te kry. En neem partymaal 'n kindjie, en skat omtrent sy ouderdom, of 'n man of vrou, of iets soos daardie, of iets soos daardie, julle weet, of net enigiets wat by my opkom. Daarom, is daar niemand wat weet waar die gebedsry begin nie, en dit gee elke persoon 'n kans. Dan, aan die einde, saam, bid ons vir elke persoon wat 'n kaart het. So ons. . . Hou net jou kaart.

6 Nou baiekeer, in die dienste, dat mense nie eens by die platform kom nie. As enigiemand hier is, wat ooit tevore in die diens was; daar is tien daarbuite wat genees word, wanneer een genees word op die platform.

7 Dit neem geloof. Maark nie saak waar dit is nie, jy moet daardie geloof hê. Dis al. En geloof is nie net 'n—'n mite, net iets wat jy verbeel nie. Dis iets wat jy weet. Dis reg.

8 En nou gaan ek julle vra, nou, soos ons nou blaai vir die Skriflesing, vanaand. Ons gaan lees uit die Boek van—uit die Boek van Hebreërs, vanaand, en nou wanneer ons staan om die Woord te lees. Ons staan wanneer ons trou beloof aan die vlag, en ons—ons staan in eerbied van al ons nasionale embleme, sovoorts, so laat ons staan terwyl ons die Woord van God lees. Sal julle? Hebreërs, die 13de hoofstuk, die 1 tot 8 vers.

Die broederliefde moet bly.

. . . die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg.

Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is, en aan dié wat mishandel word, as mense wat self ook 'n liggaam het.

Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees, en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel.

Julle gedragte *moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gese: Ek sal julle nooit begewe en julle nooit verlaat nie.*

Daarom kan ons met alle vrymoedigheid sê: Die Here is vir my 'n Helper, . . . ek sal nie vrees nie; want wat sal 'n mens aan my doen?

Gedenk julle voorgangers wat die Woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle gelowe *na.*

Jesus Christus is gister . . . vandag dieselfde en tot in ewigheid.

9 Laat ons ons hoofde buig. Here Jesus, maak dit 'n werklikheid vir ons vanaand. Nie net die lees van 'n Woord nie, maar mag die Woord vlees word onder ons. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

Mag maar sit.

10 Soos ons praat net 'n paar oomblikke, en elke aand gaan ons probeer om uit te wees om nege-dertig, indien—indien moontlik. Ek wil my borge bedank, weer, en die mense wat ons die plek hier laat kry het, die gronde, die vee uitstalling, of wat dit ook al is. Ons is baie dankbaar. Nou, nou julle is net 'n gawe groep mense om mee te praat, en ek kan net 'n lang tyd praat, maar ek wil julle nie moeg maak nie. Elke aand, omtrent dertig minute; vanaand sal 'n bietjie langer wees, omdat dit die eerste aand is.

11 Ek wil preek oor die onderwerp vanaand van: *Die Geïdentifiseerde Christus Van Alle Eeue*. Want die Bybel het gesê: "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd," en die identiteit van Christus in alle eeue.

12 Nou het julle hier opgelet, die Skrif wat hier sê, dat: "Gedenk julle voorgangers; en volg hulle geloof na, julle sien. Aan die einde van hulle gelowe is Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

13 Soveel mense het verskillende opinies van Christus. Soos ek reis in—in verskillende dele van die land, en om die wêreld, vind ek dat soveel mense het hulle verskillende opinies. Julle sal verbaas wees om te weet wat party van hulle opinies is. Party van hulle dink dat Hy net 'n wonderlike leraar is. Wel, nou, Hy was—Hy was dit. Dis net presies. En baie dink dat Hy 'n groot filosoof was. Wat, Hy was dit. Hy, sekerlik, Hy was. En dan dink party van hulle Hy was 'n—'n goeie man. Hy, Hy was dit. Maar, sien, Hy was meer as dit. Hy was dit alles, plus. Party van hulle dink dat Hy 'n profeet was. Hy

was ’n profeet, maar Hy was meer as ’n profeet. Hy was wat die profete was, plus. Sien? So, wat, hoe sou ons nou weet? As Hy van Sy leringe geleer het, Hy was ’n leraar en Hy was ’n groot filosoof.

14 Maar die—die enigste manier dat ons ooit sal weet, vandag, as ons Hom wou identifiseer, vandag, en, ek glo dat Hy opgestaan het uit die dood. Ek glo dit met my hele hart. En ek glo dat Hy hier belowe het, dat: “Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd.” “En Ek is met julle altyd, en Ek sal julle nooit begewe of julle verlaat nie.”

15 Nou, daardie Woorde is, hulle is óf waar óf hulle is nie waar nie. En as Hulle nie waar is nie, dan wat doen ons hier vanaand? Ons is—ons is ellendige mense, ons is mense wat—wat, wel, ons is mislei; die hele Christenwêreld is mislei as Hy nie dieselfde is gister, vandag, en vir altyd nie, as Hy nie lewendig is vanaand en met ons is, soos Hy belowe het nie. “Kyk, Ek is met julle altyd, selfs tot die voleindig, of die einde van die wêreld. Ek is altyd met julle.” Nou, as dit nie die Waarheid is nie, dan is daar iets verkeerd, en ons is—ons is as valse getuies bevind. Nie net maak ons onsself ellendig, onder ’n valse voorwendsel nie, maar ons mislei ander. Ons is as bedrieërs bevind, van iets waarvan ons praat, wat nie is nie, as Hy net ’n mite is of net ’n historiese.

16 Wat help ’n historiese Christus as Hy nie dieselfde vandag is nie? Wat help ’n God van Moses, as Hy nie—nie dieselfde God vandag is nie? Wat help dit om jou—jou kanarievoël te neem en vir hom goeie vitamine te voer, om vir hom mooi vere te maak, en goeie sterk vlerke, en hom dan in ’n hok aan te hou? Sien, dit help hom glad nie. En ons praat oor hoe groot God was, en dan nie sê dat Hy dieselfde is vandag nie, dan is daar iets verkeerd. Ons is êrens opgehok. En, dit, dis ’n—dis ’n valse begrip van wat God is.

17 Die Bybel sê duidelik: “Hy’s dieselfde,” en dit beteken Hy’s dieselfde. Hy’s net soos Hy was. Hy het niks verander nie, en Hy’s dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

18 En nou het ons, vandag, in hierdie dag en tyd, net soos hulle gehad het in Sy dag en in alle dae, het ons ons eie gedagte Daarvan. Maar, sekerlik, as daar enige manier in die wêreld is wat ons waarlik sal weet, moet ons uitvind wat Hy was, en dan uitvind wat Hy in ander eeue was.

19 Onthou, die Bybel het gesê: “Hy’s dieselfde gister, vandag, en vir altyd.” So ons sal moet uitvind wat Hy is, uit ander eeue; om te weet wat Hy was in die eeu wat Hy op die aarde gewandel het, die eeu voor Hy op die aarde gewandel het, en die eeu nadat Hy op aarde was en die aarde verlaat het. Ons sal moet uitvind wat Hy was, om te weet wat Hy is vandag, altyd,

want Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Nou, maar, met ander woorde, ons sal moet teruggaan en soek, om te sien wat ook al Hy was.

20 Nou ons vind uit, in Johannes die 1ste hoofstuk, vanaf die 1ste vers, sê dit: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God." Nou dis die eienskappe, Sy Woorde; hulle is nou gedagtes, hulle is nie uitgedruk nie. Sien: "In die begin is, was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewandel. In die begin was die Woord!" Wel, as Hy die Woord was in die begin, is Hy die Woord vandag, want Hy is altyd die Woord.

Nou God moet die wêreld volgens iets oordeel.

21 En mense sê, wel, nou as . . . As ek die Katoliek hier sou vra vanaand, waarvolgens dink jy sal God die wêreld oordeel? Die Katoliek sou sê: "Volgens die Katolieke kerk." Goed, nou watter Katolieke kerk? Nou hulle het die Roomse, die Grieks Ortodokse, en baie van hulle. Watter Katolieke kerk sou dit wees? Die Lutheraan sê: "Volgens ons," dan is julle Baptiste uit. En dan as ons sou sê: "Volgens die Baptis," dan sou julle Pinksters uit wees. So daar sou so 'n verwarring wees, niemand sou weet wat om te doen nie, so Hy het nooit belowe om die wêreld te oordeel volgens die kerk nie.

22 Hy het belowe om die wêreld te oordeel volgens Christus, en Christus is die Woord, en die Bybel is wat die wêreld sal oordeel, wat Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd is.

23 Nou, as Hy in die begin was, het Hy Sy Woord bepaal, soveel, vir elke geslag, elke keer wat Hy—wat Hy hierdie eeu laat kom het.

24 Hy is alomteenwoordig, alwetend, almagtig, en oneindig. As Hy nie is nie, is Hy nie God nie. As oneindig, is Hy—is Hy—is Hy Ewig. En dan, daarin, as alomteenwoordig; as alwetend, alle dinge te weet, maak Hom alomteenwoordig. Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

25 So, daarom, kon Hy die einde van die begin af sê, en in elke eeu het Hy soveel van Sy Woord bepaal, in elke eeu.

26 En dan, gewoonlik, verdraai die mens Dit so, en die wêreld beland in so 'n toestand, totdat Hy 'n man moet stuur, gesalf. Alle eeue was dit dieselfde. Hy identifiseer Homself op die aarde, in die mens. God doen niks sonder die mens nie. Die Bybel het so gesê, julle weet. Sien? Hy neem altyd die mens, want dit was die mens wat Hy gebruik het, en laat die mens . . . Plaas Hom op 'n vrye morele agentskap, in die wete dat hy sou val, om Sy eienskappe as 'n Verlosser te vertoon, want daar was niks verlore nie. En, daarom, het Hy die mens gekies. Hy kon die sterre gekies het, Hy kon die bome gekies het, maar Hy het die mens gekies.

27 Eenkeer, gestaan, gekyk oor die oes; Jesus, het Hy gesê: "Die oes is ryp. Die arbeiders is min. Bid dat die Here van die oes werkers in Sy oes sal instuur." En Hy was die Here van die oes. Sien? "Julle het nie, want julle vra nie. Julle vra nie, omdat julle nie glo nie. Vra oorvloediglik dat julle vreugde vol mag wees." Sien? Hy maak staat daarop dat jy gaan vra, en glo dat jy ontvang waarvoor jy gevra het.

28 Nou, dan, in die begin, vind ons uit dat Hy Sy Woord bepaal het. Ons vind uit, in die dae van Moses en die heelpad deur, dat Hy—Hy Homself elke keer identifiseer deur Sy profete. Die Bybel sê: "Hy doen niks totdat Hy dit eers openbaar aan Sy profete nie." En, onthou, God is onveranderlike God. Hy verander nooit. Hy bly dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

29 Nou ons vind uit, in elke eeu, dat die mens in God se program inkom. Hulle volg hulle eie verstand, en dit lyk goed. Dit lyk goed, en baie mooi. En partymaal is dit so naby, daar mag een woord verskil, maar daardie een woord beteken die verskil tussen dood en Lewe.

30 Dit was een woord wat hierdie hele bal aan die rol gesit het, toe Eva een frase van God se Woord nie geglo het nie. Onthou, sy het nie. . . Satan het nie soort van die hele ding afgegooi nie, hy het gesê: "O, sekerlik, sal Dit so wees, en Dit so wees, en God *so-en-so*, maar sekerlik sou Hy nie *dit* doen nie."

31 Maar Hy het gesê Hy sou dit doen, en, wanneer Hy gesê het Hy sou dit doen, maak dit dit so. Sien? Net, jy moet elke frase Daarvan glo. Maak nie saak wat Dit sê nie, glo Dit in elk geval. As jy Dit nie kan verduidelik nie, glo Dit in elk geval. Jy kan nie God verduidelik nie; niemand kan nie. God word geken deur geloof, nie deur wetenskap nie. Jy glo God deur geloof, omdat Hy so gesê het, en dit handel dit af. Solank Hy gesê het Dit is so, los dit die saak op. Hy het so gesê; maak nie enige verskil hoeveel wetenskap sê Dit is nie.

32 Noag, Noag kon nie verduidelik hoe water bo in die lug was nie, want wetenskap het gesê daar was niks daarbo nie. Maar as God sê gesê het, is Hy in staat om water daarbo te sit, so dit—dit het dit afgehandel. Sien, hy het net God geglo.

33 Altyd, die man wat gesalf is met die Woord, glo wat God gesê het. Ongeag of hy dit kan bewys, of nie, hy glo Dit in elk geval. God doen die bewys.

34 Luister, vandag is ons altyd soos. . . Die mens prys God altyd vir wat Hy gedoen het, sien altyd uit na wat Hy gaan doen, en ignoreer wat Hy doen. Dit was altyd daardie selfde ding. En almal het sy eie privaat interpretasie.

35 God is Sy Eie interpreteerder. God het nie enigiemand nodig om te interpreteer nie. Die Bybel het gesê Dis sonder

interpretasie. Dit het nie die mens nodig nie. God interpreteer die Bybel, Self. God het gesê: "Laat daar lig wees," en daar was lig. Dit handel dit af. God het gesê: "'n Maagd sal swanger word," en sy het. Dit het dit afgehandel. Wanneer God enigiets sê, en dit bevestig, dis Sy interpretasie daarvan. Hy het gesê Hy sou "Sy Gees uitstort" in hierdie laaste dae, en Hy het dit gedoen. Daar is geen interpretasie daaraan nie; dis alreeds geïnterpreteer. Ongelowiges mag opstaan, en twyfelaars mag staan, en wat ook al hulle mag doen; maar God het dit gedoen, in elk geval, want Hy het gesê Hy sou dit doen. Hy het nie enigiemand nodig om Hom te interpreteer nie. Hy doen Sy Eie interpretasie. Hy het die belofte gemaak, mense glo dit, en Hy interpreteer dit aan hulle.

36 Hy is die Here wat al ons krankhede genees. Ek kan jou nie sê hoe Hy dit doen nie, maar Hy doen dit. Hy het gesê Hy sou dit doen, dat Hy dit sou doen, so hang van ons geloof af. Hy kon dit nie daar doen sonder geloof nie, ook kan Hy dit nie hier, of enige tyd, doen sonder geloof nie.

Nou, Hy is die Woord. Hy is die Woord geïdentifiseer vir daardie eeu.

37 Nou, die probleem met mense, vandag, ons vind hulle lewe in die glans van 'n ander eeu. Net soos Jesus gevind het toe Hy gekom het, het Hy hulle gevind wat lewe in die gloed van die wet, en geïgnoreer het wat sou plaasvind in Sy eeu. Julle weet wat die probleem vandag is? Wat die probleem is met die . . .

38 Wat was die probleem met die Lutheraan? Wel, omdat hulle gelewe het in die glans van die Lutherse eeu, toe John Wesley die geheim van heiligmaking gevind het. Hulle kon nie gaan nie, omdat hulle gelewe het in die glans van Luther se eeu.

Wat het gebeur met die Pinksters?

39 Wel, Wesley was so georganiseerd, totdat hy gelewe het in die glans van 'n ander eeu, hulle was in Wesley se eeu, toe die doop van die Heilige Gees geval het op die Pinksters. Sien, hulle het gelewe in wat Wesley gesê het, heiligmaking. Dit was moeilik vir hulle om die doop van die Heilige Gees te glo, die herstel van die gawes. Hulle het gelewe in die glans van 'n ander eeu.

40 En dis wat hulle gedoen het toe Jesus gekom het. Gesê: "Ons het Moses. Ons, ons het Moses."

41 Hy het gesê: "As julle Moses geken het, sou julle My geken het. Moses het van My geskryf. Ondersoek die Skrifte, want in Hulle dink julle het julle die Ewige Lewe, en Dit is Dié wat van My getuig." Dit was die Skrif wat veronderstel was om te wees.

42 God wat geïdentifiseer het, Sy Skrif vir daardie eeu geïnterpreteer het, en dis altyd Christus. Dis Christus in elke eeu. Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Dit was altyd Christus.

43 Nou vind ons uit, dat ons nou ons Pinksterbroers vind wat lewe in die glans van 'n Pinkstereeu, en hulle sal Dit mis. Hulle probeer die pinkstereeu interpreteer, wanneer ons ver verby dit is. Ons lewe verderaan by die wegrapingstyd, vir die koms van die—die endtyd. Maar dis hoe die mens maak, dit sal net so wees.

44 Ons het soveel wat bepaal is aan elke eeu. Die Bybel is bepaal op daardie manier, en dis hoe ons dit moet hê. Dis hoe dit moet wees.

45 Die onveranderlike God, met die onveranderlike karakter, en Sy karaktereienskappe bly net dieselfde. Hy kan nie Sy karaktereienskap verander nie. Hy kan dit nie doen nie. Enigiets word geken aan sy karaktereienskap.

46 Ek weet nie of julle almal geelgorse hieronder het of nie, spot . . . ons noem hulle "thicker," en 'n—'n spotvoël. Hulle is albei omtrent dieselfde grootte. Jy hou 'n spotvoël dop wat vlieg, en hy's in die verte en jy hou hom dop, hy sal 'n reguit lyn maak wanneer hy vlieg. Maar, 'n geelgors, hy sal op-en-af gaan as hy vlieg. Sien, dis die karaktereienskap van die geelgors. Jy kan hom uitken aan sy aksie.

Kyk hoe 'n man sy regter-of linkerhand gebruik. Hy's 'n kara- . . .

47 Ons het vroue vandag wat mans wil wees. Hulle trek aan soos hulle, maar hulle is steeds . . . Kyk hoe hulle loop en wat hulle doen, hulle is steeds . . . Hulle karaktereienskap wys nog steeds dat hulle vroue is, steeds, net dieselfde, sien, want dit is net so. Ons sal later daarby uitkom. Maar, egter, ons is nou op iets anders.

Onthou, jy word geïdentifiseer aan karaktereienskap.

48 En God word geïdentifiseer deur Sy groot karaktereienskap, dat: "Hy nie kan verander nie." Hy het gesê, in Maleági 3:6: "Ek is God, en Ek verander nie." Sien? Hy verander absoluut nie. Sy karaktereienskappe is dieselfde.

49 Elke keer wat Hy verskyn het op die aarde, aan die einde van 'n eeu, het Hy altyd 'n man gestuur en hom gesalf met die Heilige Gees, Christus. Die Heilige Gees is Christus, "die gesalfde," die *Logos*, en Dit het uitgegaan, en Dit kom om die Woorde van daardie eeu te identifiseer. "Die Woord van die Here kom na die profete," die Bybel het so gesê, en identifiseer daardie eeu. Sien, Hy doen niks buite die mens nie. Nou Hy kan dit nie doen in 'n groep nie. Jy kan dit nie doen nie. Dit is net nooit gedoen nie. Hy het nooit 'n groep gebruik nie; het nooit nie. Hy gebruik een enkele persoon. Jy's nie . . .

50 Israel is gered as 'n volk, maar jy gaan gered word as 'n indiwidu.

51 En een persoon werk Hy mee. Hy het gehad 'n . . . Hy het nie eens 'n—'n—'n Moses en Elía gehad, op dieselfde tyd nie. Hy

kon nie Elía en Elisa hê, dieselfde tyd nie. Hy kon nie Johannes en Jesus hê, dieselfde tyd nie. Hy het altyd een, omdat Hy daardie een persoon in Sy Goddelike wil kry.

52 As ons begin het vanaand, en ek een man sou kry, 'n man hier wat ek sou uitsoek, en ons sou saamstem oor doktrine, net perfek, sou ons 'n groepie begin. Binne 'n jaar van nou af, sou ons soveel Rickies daarbinne hê, wel, dit sou 'n skande wees. Dis reg, hulle kom net in soos parasiete. Jy kan hulle nie daaruit hou nie. So, daarom, was dit nooit God se stelsel nie.

53 God kan nie verander nie. Hy werk, dieselfde, een indiwidu! Hy het dit gedoen deur die eeue. Hy het dit altyd gedoen.

54 En Sy karaktereienskap is geïdentifiseer aan daardie eeu. Nou, moet dit nie vergeet nie, Sy karaktereienskap is geïdentifiseer in daardie eeu.

55 Kyk in die dae van Josef, die profeet, hoedat Jesus volmaak geïdentifiseer was in Josef. Hy is gebore, sy vader het hom liefgehad, sy broers het hom gehaat, sonder 'n rede. Hy het sy broers liefgehad. Maar hulle was self-gestyfde Fariseëragtiges, soort van, en hulle wou niks te doen gehad het met hom nie, en hom gehaat omdat hy gesigte gesien het, en—ensovoorts. Maar die einste karaktereienskap in hom het gewys dit was Christus.

56 Josef was 'n profeet. Hy het die dinge voorspel. Dit het net presies gebeur soos wat dit gebeur het. Soos hy dit gespreek het, dis hoe dit gebeur het. En hy het drome uitgelê, en hy het nooit net 'n wilde uitleg daarvan gegee nie. Elke keer wat hy gesê het dit sou so wees, was dit net so. Hy is gebore, 'n profeet, vir daardie eeu. Presies reg. Nou, ons vind dat God Sy karaktereienskap in Josef vertoon het.

57 Elkeen van die profete het God se karaktereienskap vertoon, omdat dit die Woord vir daardie eeu opgetel het en dit geïdentifiseer het. God het Sy Woord geïnterpreteer, van daardie eeu, deur die man. Nou, niemand kan fout vind daarmee nie. Dis die Skrif.

58 Wel, as dit altyd so was, sal dit nie dieselfde moet wees vandag, as Hy dieselfde is gister, vandag en vir altyd nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

59 God het Sy Eie Woord geïnterpreteer! Hy't gesê: "*Hierdie* ding sal gebeur in 'n sekere eeu, en *hierdie* ding sal gebeur," en Hy kom af en doen dit. Nou, Hy het geen interpretasie daarvan nodig nie, want dit doen ditself. Hy het niemand nodig om Hom te interpreteer nie. Hy is Elohim, die self-bestaande, algenoegsame. Hy het geen hulp van niemand nodig nie. Sien, Hy is God, en Hy maak soos Hy wil.

60 En daar is een ding wat ons seker is Hy nie kan doen nie; Hy kan nie teen Sy Woord gaan, en God bly nie. Hy moet Sy Woord hou, want die Woord is God. Dis...En God is geïdentifiseer deur Sy beloofde Woord in 'n eeu.

61 In 'n sekere, in die dae van, nou wat, in die dae van Moses? Hy is geïdentifiseer. Hy is geïdentifiseer omdat Hy geïdentifiseer was deur Sy Woord. Hy het vir Abraham gesê: "Jou saad sal in 'n vreemde land vertoef vir vierhonderd jaar. Ek sal hulle uitbring met 'n magtige hand."

62 Nou, toe hierdie yslike groot teken plaasgevind het, as 'n groot Vuurbal in 'n brandende bos. Moses was 'n chemikus. Hy is opgelei in al die wysheid van die Egiptenare. Wat as Moses sou verbygegaan het met sy—met sy opvoedkundige standpunt, en gesê het: "Kyk na daardie snaakse boom! Dis aan die brand. Dit brand. Die blare kraak, en daar is niks wat vernietig word, verteer word nie. Nou, nadat dit klaar gebrand het, sal ek 'n paar van die blare optel en afgaan na die laboratorium en uitvind watter soort chemikalieë dit mee bespuit is"? Dit sou nooit met hom gepraat het nie! Maar toe hy sy skoene uitgetrek het, nederig nadergestap het!

63 Dis hoe ons God vind, wanneer ons ons trots neem en dit neerlê, en opstap in die Teenwoordigheid.

64 Luister na daardie stem wat identifiseer: "EK IS WAT EK IS. Ek is die God van Abraham, Isak, en van Jakob. Ek onthou My belofte, en ek sien die toestand is reg. Ek het afgekom, en Ek gaan spreek. En Ek stuur jou, en jy sal My stem wees." O, goeiste!

65 Dis hoe Hy dit doen. Wat het Hy dit gedoen? Deur Homself te identifiseer in Sy karaktereienskap, in die bonatuurlike. Die bonatuurlike is partymaal so fenomeen, Dit gaan reg verby die mense. Die mense word goeie mense, gawe mense, maar partymaal verstaan hulle nie.

66 Dis wat, dit was dieselfde ding met Josef. Hy kon nie verstaan nie. Hy's 'n seun van Dawid, maar hy kon nie verstaan hoe Maria kon swanger word nie. Nou, sonder twyfel, het daardie groot, mooi bruin oë, gekyk het in sy gesig, en gesê het: "Skat, ek weet ons is verloof om te trou. Ek het iets om vir jou te sê. Ek het 'n besoek gehad, van Gabriël, en ek's...Ek het swanger geword: 'deur die Heilige Gees,' het Hy vir my gesê. 'En hierdie ding wat gebore gaan word, sal nie jou seun wees nie; dit sal die Seun van God wees.'" En, nou, Josef wou dit glo, maar hy—hy kon dit nie kwalik glo nie. Dit was te moeilik vir hom om te glo. Maar, julle weet, dit was ongewoon. Vroue het nie swanger geword, maagdelik nie, so dit was ongewoon.

67 En dis die ongewone dinge wat God doen. Dit laat die mense struikel. Dit verhelder, maak die oë van sommige oop, en verblind die ander, op dieselfde tyd. Dit het dit altyd gedoen. Hy—Hy, die ongewone dinge en ongewone manier.

68 As Josef net in die Skrif sou gekyk het, om uit te vind wat sou plaasvind in daardie dag. Nou, daar was geen profete toe nie. Hulle het nie 'n profeet gehad vir vierhonderd jaar nie. Maleági was hulle laaste profeet. En profete was baie ongewoon. So hulle het geen profete gehad in daardie dae nie, so God het sekondêr geneem, en vir hom 'n droom gegee, en vir hom gesê. "Josef, seun van Dawid, moenie bevrees wees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees."

69 Sien, God wat Homself identifiseer, Hy doen dit altyd op die bonatuurlike wyse.

70 Nou, hierdie, Josef en Moses, en as ons net baie tyd gehad het, kon ons net aan en aangaan daarmee. Maar julle verstaan wat ek bedoel, dat, God, in elke eeu, altyd 'n indiwidu, een persoon, stuur.

71 So waarom hang ons een groep aan, wanneer hulle almal verkeerd is? Die Bybel het so gesê, Openbaring 17, dit sal alles saamgevoeg word in een groot groep. Maar daaruit sal indiwidue kom wat reg is met God, nie die groep reg nie; die indiwidu reg, die indiwidu in die groep. Nou vind ons uit, dan, ons stry en gaan aan, oor: "Ons behoort *hieraan*, en ons behoort *daaraan*." Dit beteken nie een ding vir God nie.

72 Dis jy as 'n indiwidu voor God. As. . .Jy moet op jou eie voete staan. Jy's die een wat die getuienis moet hê. Elkeen van julle moet dit doen, aan God antwoord vir die Openbaring.

73 Nou wat as ek hier praat met 'n persoon wat eintlik was Dit nie kan ontvang nie, daar niks in hom is om van te ontvang nie? Die Bybel het gesê: "Sy wat in plesier lewe, is dood terwyl sy lewe." Waarom was daardie Fariseërs nie?

74 Kyk na Jesus, al wat ons weet, was Hy die gemanifesteerde Woord van God. Ons glo dit. Die Bybel het gesê dit was. Wel, kyk toe Hy Sy Messiaanse teken gedoen het.

75 Die Fariseërs, hulle het 'n klein bietjie lig gehad. Hulle was goeie mense, 'n goeie Christen lewe gelei, of 'n goeie godsdienstige lewe, het 'n bietjie lig in hulle gehad. Hulle het organ-. . .georganiseer, en 'n priesterdom. Hulle het 'n bietjie lig gehad. Maar af onder in hulle hart, het hulle geen Ewige verteenwoordiging in die Heerlikheid gehad nie. So toe hulle gesien het dat die bonatuurlike gedoen word, het hulle gesê: "Hierdie Man is Beëlsebub, 'n duiwel." En wat het gebeur? Dit het die bietjie lig uitgedoof wat hulle gehad het.

76 Maar hier was 'n klein, berugte vroutjie, 'n prostituut. Onder in haar hart, wel, het sy 'n verteenwoordiging van een van God se gedagtes gehad. Daar was sy, belas in sonde. Maar toe sy dit sien gebeur, het sy gesê: "Meneer, ek glo U is 'n profeet. Ek weet wanneer die Messias kom sal Hy vir ons

hierdie dinge vertel." Wat het dit gedoen? Dit het haar lewe gereinig. Hy was die Verlosser, vir haar, want Hy kon haar oplig waar sy vandaan gekom het.

77 Maar hierdie Fariseër, dink daaraan, godsdienstig soos hy kon wees, en Jesus het gesê: "Julle is van julle vader die duiwel, en sy werke sal julle doen." Godsdienstige man, behoort aan 'n goeie, hoë ordes. En Jesus het hulle genoem: "Slange in die gras, en duiwels." Hulle het die Lig verwerp van die uur. Dis presies wat dit was.

78 Jesus in Sy eeu, wat was Hy? Net soos die profete van hulle eeu, elkeen van hulle was God se Woord wat geïnterpreteer is vir daardie eeu.

79 Moses was God se Woord, geïnterpreteer. God het gesê: "Ek sal afstuur soontoe, en Ek sal hulle verlos. Ek stuur jou af met My Woord. Ek sal groot tekens en wonders doen." Hy het dit gedoen.

80 Maria, sy was God se Woord, geïnterpreteer. "'n Maagd sal swanger word." Dit was God se Woord, geïnterpreteer.

81 Nou hier kom Jesus op die toneel, die God van die profete. En hier was hulle, so georganiseer en krimineerd, en, o, in so 'n toestand tot hulle nie eens kon. . . Hulle het Hom nie eens herken nie. Hy het nie gekom op die manier wat hulle gedink het Hy behoort te kom nie. Hulle het gedink God sou 'n klein hefboom *hier* trek, en die gange van die Hemel neertrek, en Hy sou uitgestap kom en sê: "Kajafas, hoëpriester van God, Ek het gearriveer."

82 Maar Hy het 'n Baba gebore laat word in 'n krip, onder in 'n—'n grotjie, stal in Betlehem. Ver daaronder, met die strooi en mis van die stal, 'n babatjie toegedraai in sweetdoeke, en Dit neergelê in 'n krip. Hy het geen opleiding gehad nie. Kyk hoe hulle die Woord gekorrigeer het? Omdat, Hy was die Woord, Hy is die Woord. Hy bly altyd dieselfde, gister, vandag, en vir altyd. Reg.

83 Nou, ek maak nie enige, skel nie enigiets uit, aan enigiemand of enigiets nie. Dis nie my doel om dit te doen nie. As dit in my hart was, sou ek omkom voor hierdie altaar, en regkom, eers.

84 Maar, kyk, aan julle mense wat tot Maria bid, as 'n bemiddelaar; kyk na Maria. Ek glo sy was 'n maagdelike vrou, sekerlik, maar sy was net 'n broeikas wat God gebruik het om Christus na die aarde toe te bring. Die huis wat. . .

85 God het Sy tent uitgesprei, vanaf om Jehova te wees, om mens te wees. Hy was *Emmanuel*: "God wat onder ons gewoon het," by ons gekamp het; God, gehanteer in die vlees; God, gehuisves in 'n tent wat 'n mens genoem is, wat die Seun van God was.

86 Kyk na Maria. Hier is 'n Seun, twaalf jaar oud, het nooit 'n dag in die skool gehad, sover ons weet nie; hier is Hy, wat staan in die tempel, debateer met die priesters. En kyk, hier kom sy pa en ma, drie dae en nagte, het hulle Hom gemis, en hulle het Hom in die tempel gevind. Hulle het gesê: "Seun, ons het gesoek . . ." Maria, luister na Maria, gesê: "Ons, ek en jou vader het na U gesoek, dag en nag, met trane." Kyk daar, ontken haar getuienis. Sy het vir Josef gesê dat die Heilige Gees haar oorskadu het; sy het vir daardie priesters gesê dat Hierdie 'n maagdelik-gebore baba was; en hier staan sy, en sê: "Jou vader, Josef, en ek." Sien hoe verkeerd dit is?

87 Maar hou die Woord van God dop, gesê: "Weet u nie dat Ek in die dinge van My Vader moet wees nie?" Die Woord korrigeer altyd die fout deur God onder hulle te identifiseer. Twaalf-jaar-oue Kind, as hy was, Josef Sy vader was, sou Hy huise en kabinette gebou het. Maar Hy was daarbuite daardie denominasies van die dag aan die afbreek. Hy was in Sy Vader se dinge. Sien wat Hy gedoen het? "En weet u nie dat Ek in My Vader se dinge moet wees nie?" Sien, vir Sy ma gesê, sien hoe daardie . . .? Wel, Hy was die Woord.

88 Hy is die Woord, en die Woord korrigeer die fout deur die identifisering van God se karaktereienskap. Amen. Kyk, toe die wêreld . . .

89 Ek kan my voorstel Simon Petrus. Ek het 'n storietjie gelees eenkeer, van hom en—en sy broer, Andréas. En sy naam was toe Simon, julle weet, en hy is toe nog nie Petrus genoem nie. So hy en sy broer was vissers, saam met hulle pa, en hulle was uit op die see. En die ou man het oud geword, en hy het hulle na die boot geroep, een aand, en hy het gesê: "Seuns, julle weet ons het God vertrou. Baiekeer wat ons niks sou gehad het om te eet nie, en rekeninge om te betaal. En—en ons sou uitgaan, sonder 'n vangs, vir twee of drie dae. En ek en julle ma, voor julle . . . sy heengegaan het, wel, sou ons almal bymekaarkom en bid, en God sou vir ons 'n goeie vangs gee. Seuns, ek het God vertrou, my hele lewe lank. En ek het altyd gelewe soos enige getroue Hebreër, om die Messias te sien kom. Nou, seuns, ek—ek word nou te oud. Ek sal Hom waarskynlik nie sien nie, maar ek wil hê julle seuns moet goed onderrig wees."

90 Ek kan hom sy arms om Simon sien sit, en een om Andréas, en sê: "Seuns, net voor Sy koms, sal julle 'n oplewing sien. Daar sal alle soorte vals dinge opstaan, so dit sal net die oë van die mense verblind." Doen dit altyd; en dit het net so gemaak. "Daar sou wees alle soorte van . . . Maar, onthou, moet julle nie mislei word nie. Die Messias sal 'n profeet wees. Want, Moses het gesê, in Deuteronómium die 18de hoofstuk, die 15de vers: 'Die Here julle God sal 'n profeet soos ek oprig.' Nou, ons het geen profete gehad om die Woord van God te manifesteer nie.

Daar was geeneen van hulle hier vir die Woord om na te kom nie. So ons het net 'n denominasionele affêre gehad vir honderde en honderde jare. Maar wanneer daardie Een op die toneel verskyn, moenie julle mislei word nie, Hy sal 'n profeet wees. Die Here sal Homself bekend maak. Hy sal 'n profeet wees. En, wanneer Hy kom, sal Hy Homself identifiseer as 'n profeet."

91 Ek kan my eendag voorstel dat Simon eendag afgegaan het om Jesus daar op die oewer te sien. En toe hy opgestap het in die Teenwoordigheid van Jesus, het Jesus na hom gekyk en gesê . . .

92 Net Sy bediening begin, nou, Johannes die 1ste hoofstuk, en na "die Woord vlees geword en onder ons gewandel het," hier is Hy. Nou, daar word vir ons vertel dat Andréas Hom eerste gesien het, en Johannes hoor preek het, en vir Simon so ver probeer kry het om te gaan. En hy het net: "O, wel, dis net nog 'n prediker. Laat dit gaan. En daar was *dit*, *dat*, of die *ander*." Maar, die eerste ding waarvan julle weet, het hulle gedink hulle sou kom kyk.

93 Hy het gesê: "Nou die Messias het gearriveer!" O, André . . . Simon kon dit nie glo nie.

94 So hy het net nadergestap eendag na waar Jesus gestaan het. Jesus het onder op die meer gestaan daardie oggend, en al die mense het saamgedrom. En die vroue het die skottelgoed vinnig gewas, en hulle klere weggepak, en alles wat hulle daardie dag sou was, afgekom om Hom te hoor praat. Simon het heelnag daar getrek, en het waarskynlik geen vis of niks gevang nie. Uitgestap, gedink: "Ek reken ek sal net luister na wat Hy sê." Hy het nadergestap na Hom.

95 Hy het na 'n vreemde soort Kêrel gelyk. Die Bybel het gesê: "Daar's geen skoonheid dat ons Hom sou begeer nie." Hy het nie soos 'n koning gelyk nie.

96 Skoonheid is van die duiwel, altyd. Dis presies reg. En ons mag daarby kom, 'n bietjie lateraan, so dan uitvind. Ons sien wat Kain aangebied het, en sien wat dit was in die Hemel, en vind uit wat hierdie wêreld, ydel skoonheid is, en wat. Hollywood het oorgeneem, vandag, selfs die kerk. Ja, meneer. Dis 'n valse begrip, van die duiwel.

97 Te midde van die skoonheid van die Here, in heiligheid en Krag; nie in grimering, en poeier, en kortbroeke, en alles anders wat hulle probeer dra en doen nie. Dis in skoonheid van die heiligheid en geregtigheid. Ons is nie van hierdie wêreld nie. Ons is van 'n koninkryk wat Daarbo is, waar geregtigheid daarin woon. Ja.

98 Hulle wou nie hulleself Daarmee beklee nie. Te veel televisie, ensovoorts.

99 So toe vind ons dat Simon opgestap het in Sy Teenwoordigheid, en daar het die Een gestaan wat Andréas

geglo het die Messias was. En soos Jesus, so gou as wat Hy gekyk het na—na Simon, het Hy gesê: "Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona." Hy het toe geweet Wie daardie was. Daar was geen grap dat God daar net hier geïdentifiseer is in die Skrif, Sy selfde karaktereienskap.

As Josef net daar kon teruggekyk het dit gesien het!

100 Jesus, toe Hy hier op aarde gepreek het, het Hy gesê... Hy het gesê: "Ondersoek die Skrifte, in Hulle dink julle het julle die Ewige Lewe; Hulle is Diegene wat van My getuig." As hulle dit net sou terugdraai weg van die wet af. Die wet was van daardie dag, en hulle het in daardie soort glans gelewe. Maar hier is hulle vandag, hulle kon nie sien dat die Skrif geïdentifiseer was net daar nie. En hulle het Dit nie gesien nie.

101 En hulle het dit gedoen in elke eeu, en hulle sal dit doen in hierdie een, ook. Niks anders vir hulle om te doen nie. Dis voorspel dat hulle sou, so hulle—hulle sal dit doen. Daar is geen manier om daarby verby te kom nie. Die Laodicéa Eeu sal dieselfde ding doen.

102 Nou hou hom dop. Daar het hy gestaan, en hy het gesê: "Nou, ons het nie 'n profeet gehad vir vierhonderd jaar nie, en hier is 'n Man Wie vir my sê wie ek is, en wie my goddelike vader was. Dis die Messias." Nou, daar word vir ons vertel dat Simon 'n onkundige en ongeletterde man was, maar hy is die hoof van die Kerk gemaak.

103 Ons vind uit, daar het een gestaan met die naam van—van Filippus, en hy het dit gesien. En hy het Bybelstudies gedoen saam met 'n man genaamd—genaamd Natánael. As julle sal oplet waar Jesus was, na waar hy Natánael gevind het, dit was vyftien myl. Dis 'n goeie dag se reis. So hy moes daar omgehardloop het, om die heuwel, soos daardie. Nou gaan ons sien. Hy het gesê: "Natánael!" Toe hy hom ontmoet het, het hy gesê: "Jy weet, ons het Bybelstudie gehou."

"Ja."

104 "Wel, nou, ons het geglo dat dit die tyd is vir iets om te gebeur. Die bedelings verander, en ons is in die tyd vir die Messias om te kom, want ons het nie enige profeet nou gehad vir vierhonderd jaar nie. En Maleági het vir ons gesê dat Hy die voorloper voor ons sou stuur, en ek glo dit was Johannes."

105 Nou ons weet, wanneer jy 'n teken sien, 'n ware Bybelteken, is daar 'n ware Bybelstem agter dit. As daar geen stem is wat die teken volg nie, net dieselfde ou teologiese stem, vergeet dit. Dit het nooit van God af gekom nie. Daar is, altyd. Vir Moses gesê: "As hulle nie die eerste teken glo nie, dan sal hulle die stem van die tweede teken glo." Daar moet 'n stem saam met die teken wees. Absoluut! En as dit dieselfde ou teologiese stem is, vergeet dit. Jy het dit alreeds gehad. Dis iets; God probeer

die aandag van die mense trek, deur ’n teken, en gee hulle dan ’n stem, wat agter die teken is. Moet ’n Skriftuurlike stem wees; Moses sou dit nie geglo het nie, ook nie Paulus nie.

106 Op sy pad af na Damaskus, toe hy daardie teken gesien het, van daardie Vuurkolom, het hy uitgeskree: “Here!” Daardie Jood sou nooit enigiets “Here” genoem het, behalwe Here, behalwe die Here Self nie. Hy het gesê: “Wie is U?”

107 Hy het gesê: “Ek is Jesus, en dis hard vir jou om teen die prikkels te skop.” Sien? Daar was die teken, en daar was die stem van die teken.

108 Kyk wat hy toe gesê het. Kyk, hou sy bediening van toe af dop, wat hy gedoen het, en julle sal sien hoe om die kerk te bestuur.

Nou vind ons uit, dat, daar was Hy geïdentifiseer aan Simon.

109 Dan sien ons hom, Natánael, ons sal hom naderbring. En Natánael het gesê: “Nou, wag ’n oomblik. Nou, jy moet verkeerd wees.”

110 “Nee, ek is nie verkeerd nie. Jy ken daardie ou visserman waarmee ons altyd saam visgevang het daaronder?”

“Ja.”

“Jy weet hy kan nie sy naam teken nie.”

“Dis reg, vir daardie kwitansie, vir die vis daardie keer.”

111 “Toe hy nadergestap het in hierdie Teenwoordigheid in wat ek weet die Messias is . . . Nou, ek wil jou vra, Natánael. Jy’s ’n goeie student, ’n goeie Hebreër, en ’n goeie leser van die Bybel. Wat sal die Messias wees as Hy kom?”

“Wel, Hy sal ’n profeet wees, want die Bybel het gesê Hy . . . ”

112 “Wel, wat sou jy sê as ek vir jou gesê het Hy het vir daardie man vertel, Simon, wie hy was, en wat sy, wie sy vader was?”

“O, ek kan dit nie glo nie.”

“Wel, laat ons gaan uitvind. Laat ons gaan. Kom en kyk.” Sien?

“Kan enigiets goeds uit Násaret kom?” het hy gesê.

113 Hy het gesê: “Kom en kyk.” Dis ’n goeie vraag. Moenie by die huis bly en Dit kritiseer nie. Kom en kyk, vir jouself. Hy het gesê: “Kom, bring jou Bybel en ondersoek dit.” Hier het hy gekom.

“Kan enigiets goeds uit Násaret kom?”

Hy het gesê: “Kom, kyk.”

114 En toe hy in die Teenwoordigheid van Jesus opgestap het, het Jesus na hom gekyk. Nou Hy het gesê: “Aanskou ’n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie.”

Hy het gesê: "Rabbi, wanneer het U my ooit geken?"

115 Hy het gesê: "Voor Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien."

116 Hy het gesê: "Rabbi, U is die Seun van God. U is die Koning van Israel."

117 Waarom? Sy karaktereienskap het Hom geïdentifiseer. Waarom? Hebreërs die 4de hoofstuk, die 12de vers, sê dat: "Die Woord van God is kragtiger, skerper as 'n tweesnydende swaard, wat deurdring tot die skeiding, en 'n onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart."

118 Dis wat die profete gedoen het, en hulle was die Woord. Hulle was die Woord in hulle eeu, maar hier was die volheid van die Woord. Sien? Hulle was die een wat kon sê wat gebeur het, die gedagtes kon onderskei; en wat was, en wat is, en wat moet kom.

119 So daar het Hy daar gestaan. O, daar was party van hulle wat daar gestaan het, gesê het. . . Hulle moes 'n antwoord gee aan hulle gemeente. Hulle moes dit doen, want daar is die—die magtige werke gedoen en hulle kon dit nie ontken nie.

120 Sien, hulle het alreeds genesing gehad, sover dit genesing betref het. Hulle het die Bad van Betsaida gehad, daarbo, julle weet. Hulle, Betsaida, hulle het in daardie bad ingegaan en is genees. Hulle het Goddelike genesing in elke eeu gehad, maar hier was 'n profeet.

121 Hulle—hulle moes dit doen. Julle weet wat hulle gesê het? "Hierdie man is Beëlsebub, 'n fortuinverteller. Hy doen die. . . "

122 Jesus het gesê: "Ek vergewe julle daarvoor. Maar wanneer die Heilige Gees kom in 'n ander eeu, om dieselfde Woord te doen, een werke. . . een woord Daarteen, sal nooit vergewe word, nie in hierdie wêreld of die wêreld wat sal kom nie." Dis godslastering, om die Gees van God 'n onrein gees te noem, wat die werk van God doen. Dink baie hard daaraan nou. Onthou, hou dit in julle gedagte.

123 Ja, dis hoe Hy gister geïdentifiseer is. Dit was Jesus, gister. En as Hy dieselfde is vandag, sou Hy dieselfde doen. Dis hoe Hy Homself bekend gemaak het as die Messias. Dis hoe hulle Hom geken het, aan daardie werk. Kyk, dis. . .

124 Daar is net drie soort, drie rasse mense, dis, Jood, Heiden, en Samaritaan. En dis die—die Gam, Sem, en Jafet se mense. Nou, as ons die Bybel glo, het hulle almal gekom van die seuns van Noag, en dis die Jood, Heiden, en Samaritaan.

125 Nou, die Heiden het nie gesoek vir geen Sama-. . . geen Messias nie. Ons het 'n knuppel op ons rug gehad, en 'n heidense god aanbid. Ons Anglo-Sakse, ensovoorts, in daardie

dae, was ons heidene, Romeine en Grieke, ensovoorts. Ons het na geen Messias gesoek nie. Maar die Hebreërs het daarna gesoek, en Hy . . .

126 Onthou, begryp dit nou goed. Hy verskyn net aan diegene wat na Hom soek. Verskyn slegs aan diegene wat na Hom soek. Maak Homself bekend aan diegene wat na Hom soek.

127 En Hy het Homself baiekeer aan die Jode bekend gemaak. Wanneer ons verder aangaan in die week, meer karakters kry. Maar net nou . . .

128 Nou daar is 'n Samaritaan, hulle soek na Hom, ook. So Hy was op Sy pad af na Jérigo, so Hy moes opgaan verby die stad Samaria, en Hy het by die stad Sigar gekom. Omtrent elfuur, of twaalf, en Hy het Sy dissipels in die stad ingestuur, om lewensmiddele te kry.

129 Terwyl hulle weg was, het 'n berugte vrou van die stad uitgekom, miskien 'n mooi meisie. Sy was waarskynlik, julle weet, is uitgesit deur haar ouers en alles, en sy het niks in die kerk gesien nie, so sy het net haar lewe op 'n slegte manier gemaak, deur te veel mans te hê. En sy het gekom na die put, en daar het Jesus daar gesit, 'n Jood.

130 Hy het waarskynlik 'n bietjie ouer gelyk as wat Hy regtig was, want Hy was net dertig, en ons vind uit in Johannes 6 dat hulle aanspraak gemaak het dat Hy gelyk het of Hy vyftig was. Hulle het gesê: "Jy's nie meer as vyftig jaar oud nie, en jy sê jy het Abraham gesien?"

131 Hy het gesê: "Voor Abraham was, is Ek." Sien? Maar dit mag, Sy werk, mag 'n groot las op Hom geplaas het.

132 Daar was Hy, gesit oorkant teen die muur, en hierdie vrou het nadergekom en geneem die klein . . . Julle wat het, hieronder in die Suide, 'n slinger, julle weet, en draai. Daar is steeds ou putjies daaronder, en dieselfde manier. En dis 'n klein panorama, soort van. En—en sy het hierdie waterpot laat sak.

133 Julle behoort daardie vroue te sien. Julle vroue praat van reg loop! Ek het hulle daardie potte sien neem, wat omtrent vyf gellings hou, en hulle neem en sit hulle bo-op hulle kop, een daar bo-op. Sit een op die een heup, en een op die ander een, en loop reguit aan, praat met mekaar, en mors nooit 'n druppel nie. Loop net so mooi as wat jy ooit kan sien.

134 Nou in die Ooste, sien, die slegte vroue en die goeie vroue kan nie meng nie. Dis anders hier, maar—maar hulle kan nie daar nie. Sy is gemerk, sy is gemerk. Dis al. As sy ooit die verkeerde man het, word daar nie meer met haar geassosieer nie. Maar daar . . . Dis alles deurmekaar vermeng hier nou, vind ons uit, maar daar was dit nie.

135 So sy kon nie kom saam met die maagde, in die oggend nie. Sy moes omtrent middag kom, om hare, water te kry.

136 So sy het begin om die waterpot te laat sak. Maar daar was 'n voorbestemde saad in daardie vroutjie. Sy het die waterpot laat sak, en sy het 'n Man hoor sê: "Gee vir My water om te drink. Bring vir My water om te drink."

137 Sy het omgedraai en omgekyk, sy het hierdie Jood gesien. En hierdie Jood, miskien, 'n middeljarige Man. Ek weet nie wat toe in haar gedagtes was nie. So sy het gesê: "Wel, dis nie gebruiklik vir U, as 'n Jood, en vir my te vra, 'n vrou van Samaria nie." Sien, sy het nie geweet wat dit—wat dit was nie. Sy net. . . miskien raak die man 'n bietjie slim met haar, so hy. . . Gesê: "Dis nie gebruiklik vir julle Jode nie."

138 En so het die gesprek gevorder. Wat het Hy probeer doen? Hy het haar aandag probeer trek. Die Vader het Hom soontoe gestuur, maar nou moes Hy uitvind waarom daarbo.

139 Hulle het gesoek na 'n Messias. Hy het Hom klaar geïdentifiseer aan die Jode, nou is Hy hier by die—by die—by die Samaritane.

140 En gesê: "Dis nie gebruiklik vir u om—om—om vir my te vra, 'n vrou van Samaria, vir so-iets nie."

141 So Hy het gesê: "Maar as jy geweet het met Wie jy gepraat het, sou jy vir My gevra het vir water om te drink. Ek sal vir jou waters gee wat jy nie hier sal kom skep nie."

142 En hulle het gepraat van aanbidding. Onmiddellik het Hy gevind wat haar probleem was. Ons weet almal wat dit was, te veel mans. Hy het na haar gekyk, gesê: "Vrou, gaan kry jou man en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek het nie enige man nie."

143 Hy het gesê: "Jy het die waarheid vertel, want jy het vyf gehad en die een waarmee jy nou saamlewe is nie joune nie."

144 Hou daardie vrou dop. Kyk na die verskil tussen haar en daardie organisasie. Hou haar as 'n indiwidu dop. Hou daardie Fariseërs dop, sê: "Hierdie Man is Beëlsebub." Kyk na haar. Nie sy nie.

145 Sy het omgedraai, en sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is." A, daar is daardie Lig, sien. Wanneer die Seun daardie Saad tref, en die regte soort, gaan dit Lewe voortbring, net so seker soos die wêreld. Daardie Saad in daardie prostituutjie se hart getref! Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Nou ons weet dis. . . Ons was honderde jare sedert ons 'n profeet gehad het. En ons weet dat wanneer Messias kom. Ons soek na Hom. En wanneer Messias kom, gaan hierdie die ding wees wat Hy gaan doen."

146 Dis die teken van die Messias. Sien julle nie? Dis die Messias wat in Moses was. Dit was die Messias wat in Henog was. Dit was Messias in elke eeu. Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Dis Christus die heeltyd.

147 Gesê: "Ek weet. Ons weet dat wanneer die Messias kom, dis wat Hy gaan doen."

Hy het gesê: "Dit is Ek wat met jou praat." O, goeiste!

148 Daarop, het sy die waterpot laat val, in die stad ingehardloop, en gesê: "Kom, sien 'n Man Wie vir my vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie?"

149 En die mense van daardie stad, sonder om te sien dat dit gedoen word, het die hele stad in Hom geglo. Dis reg. Waarom? Sy karaktereienskap van wat Hy was. Hy was geïdentifiseer aan daardie stad van Sigar. Hy was geïdentifiseer die Messias van God, deur Sy karakter, karaktereienskap wat in Hom was. Want, Hy was—Hy was die God van die profete. Hy was die Profeet. Hy was die Profeet gemanifesteer. Hy was altyd, regdeur die eeu, dieselfde, en as Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd.

Nou om op te skud en af te sluit.

150 Daar word vir ons vertel, in Sagaria 14:6 en 7, dat: "Daar sal 'n dag aanbreek," het die profeet geprofeteer: "wat hulle nie dag of nag genoem kan word nie." Dis 'n duister, somber, donker dag: "maar in die aandtyd sal dit Lig word." Die Bybel het so gesê.

Nou kyk, ter afsluiting.

151 Geografies, kom die son op oor die Oosterse mense, eerste. Dit kom op in die Ooste en sak in die Weste. Nou volg my aandagtig. Beskawing het saam met die son beweeg. Ons weet dit almal, nie waar nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

152 So het die Evangelie. Die Evangelie het begin in die Ooste. Dit het van die Ooste afgekom; oor, oorkant na Duitsland, oor die Mediterreënse, in Duitsland in; van Duitsland af, oor die Engelse Kanaal, in Engeland in; van daar af, oor die Atlanties, in die Verenigde State in, aan die Ooskus; en het na die Weskus gegaan. Nou het die Ooste en Weste ontmoet.

153 En dieselfde son wat opkom in die Ooste, is dieselfde son wat sak in die Weste.

154 Nou kyk. Die Seun, S-e-u-n, het opgekom as die Messias, oor die Oosterse mense.

155 En nou het ons 'n dag gehad, vandat Hy weg is, van denominasies en bymekaarkom, en—ensovoorts. Ons het genoeg lig gehad soos 'n duister dag wanneer die son deur wolke verberg is. En hulle het denominasies gehad. Ons het hospitale gebou. Ons het skole gebou. Ons het organisasies gebou. Ons het al hierdie dinge gedoen net presies soos dit veronderstel was om gedoen te word.

156 Maar Hy het gesê: "In die aandtyd sal dit Lig wees." Dieselfde Jesus, in Sy opgewekte krag, sal weer opstaan, soos Hy

belowe het in Maleági 4, soos Hy belowe het in Johannes 14:12. soos Hy belowe het in Lukas 17. "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens."

157 Kyk wat gebeur het in die dae van Sodom. Abraham, een met die belofte van die komende seun, hier vind ons hom daaronder, en ons sien die teken wat gedoen is.

158 Daaronder in Sodom, sien ons wat plaasgevind het. En julle weet ons het nooit...Nou, daar, Lot was 'n tipe van die natuurlike kerk, onder in Sodom, die organisasie, en hulle het 'n boodskapper ontvang daaronder. Daar was 'n paar boodskappers wat soontoe gegaan het, 'n moderne Billy Graham en Oral Roberts. En weet julle wat? Daar was nooit 'n tyd, in die kerkgeskiedenis, waar 'n man ooit universeel na die kerk gestuur is, met sy naam wat eindig met h-a-m, tot hierdie tyd nie. Billy G-r-a-h-a-m, ses letters. A-b-r-a-h-a-m is sewe letters. Maar Billy G-r-a-h-a-m is net daarbuite in Sodom, aan die hamer en hulle uitroep.

159 Maar, onthou, daar was Een na die geestelike kerk, wie buite was, Abraham die uitgeroepte. Kyk watter soort teken het Hy gegee. Hy het nooit veel van 'n Evangelie gepreek nie; hy het hulle net vertel wat die beloftes naby was om te...En Hy het gesê: "Waar is Sara?" Nou, onthou, sy was Sarai die dag vantevore, en hy was Abram die dag vantevore. Nou het Hy gesê: "Abraham, A-b-r-a-h-a-m, waar is S-a-r-a?" nie S-a-r-a-i nie. "Waar is *Sara*: 'prinses,' jou vrou, vader van nasies?"

Gesê: "Sy is in die tent, agter U."

160 En Hy het gesê: "Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe."

161 'n Man wat die vleis van die kalf geëet het, die melk van die koei gedrink het, en mieliekoekies geëet het, melk gedrink het. 'n Man, stof op Sy klere, en wat daar gesit het met Sy rug gedraai na die tent toe. Gesê: "Waar is Sara jou vrou?"

Gesê: "Sy is in die tent, agter U."

162 En Sara het gesê: "Ek, 'n ou vrou soos ek is, honderd jaar oud, as man en vrou het lankal opgehou...genot hê met my heer, en hy ook oud?" Die Bybel het gesê: "ver gevorder," was jare en jare. Sy was vyf-en-veertig jaar verby menopouse, of langer as dit, miskien vyf-en-vyftig jaar verby menopouse. "En ek genot hê met my man, soos 'n jong vrou?" Sy het in haar mou gelag, julle weet.

163 En, daardie, wat het daardie Man, daardie Man in menslike vlees, gesê: "Waarom het Sara gelag?"

164 Wat het gebeur? Abraham het daardie Man "Elohim" genoem, Almagtige God verteenwoordig in 'n mens.

165 Jesus ons Here het gesê: "Soos dit was in die dae van Lot, so sal dit wees by die Koms," en kyk: "toe die Seun van die mens gemanifesteer, bekend gemaak is," Lukas 17. "Wanneer die Seun van die mens, in die laaste dae, geopenbaar word. Die Seun van die mens geopenbaar word, Sy Evangelie identifiseer Hom soos dit was in die dae van Lot."

166 Kyk hoe hulle nou maak, verdraaide volke. O, goeiste! Kyk na die homoseksuele, en kyk wat ons nou het. Die kerk is 'n gemors. Die volk is 'n gemors, en die hele ding. God stoot dit uit, bo uit, bodem van die aarde. Die hele ding is 'n gemors.

167 Geografies, en ook in die materiële, is die toneel gereed. Is dit nie tyd vir God om terug te keer in menslike vlees: "die Woord wat skerper is as 'n tweesnydende swaard, en 'n onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart," om op die toneel te verskyn, om Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd te maak nie! Dis 'n beloofde Woord wat bepaal is vir hierdie dag. Ons lewe in hierdie dag, en God is hier by ons, om dit te manifesteer en dit waar te maak.

Laat ons ons hoofde buig.

168 Hemelse Vader, U het gesê: "Dit sal Lig wees in die aandtyd." Ons sien U, Here, deur alle tekens; volke wat opbreek; Israel is in haar tuisland; aardbewings op verskillende plekke; mense se harte wat ingee; verdraaide gemoedere; afvallig van die Waarheid. "Soos Jannes en Jambres Moses teengestaan het," het U gesê: "manne van afvallige verstand, oorgegee aan illusies, om 'n leuen te glo en daardeur veroordeel te word." Maar U het belowe, in daardie dag, dat U Uself bekend sou maak, die Seun van die mens geopenbaar sou word, Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en vir altyd, deur dieselfde karaktereienskap wat Hom geïdentifiseer het in elke eeu.

169 Mag Hy, vanaand, Here God, groot Jehova, Elohim, afkom in U mense, vanaand, Here. Kom af en maak Uself bekend, dat gelowiges mag glo. Dat mense mag verstaan en weet dat U steeds God bly, en U dieselfde gister, vandag, en vir altyd is. En dan, Here, diegene wat verordineer is tot genesing, en diegene wat verordineer is tot Ewige Lewe, sal opreik en 'n houvas kry, Here, want hierdie is die tyd van die besoek. Mag dit nie tevergeefs verbygaan nie. Ek vra in Jesus Christus se Naam. Amen.

170 Hoeveel glo dat dit die waarheid, dit die Evangelie is? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou lewe ons in daardie dag? Dis die volgende ding. As dit is, is God plegtig verplig om dit te identifiseer.

171 Nou as julle vir my julle onverdeelde aandag sal gee. Ek gaan net 'n bietjie laat wees, het ek julle gesê, vanaand, miskien vyftien minute.

172 Ons het gebedskaarte uitgegee . . . A's, A's. Goed, laat ons sommer gou begin. A, nommer een. Ek sal julle net een op 'n keer roep, sodat julle net hier oorkant kan staan, as julle sal. A, nommer een. Wie het gebedskaart A, nommer een, steek jou hand op? Nou as jy nie kan opstaan nie, sal ek . . . van hulle sal jou kom kry. A, nommer een, goed. Nou kom net soos julle geroep word, net julle nommer. Goed, A, nommer een. Goed.

173 Nommer twee, sal jy jou hand opsteek? Nommer twee, gebedskaart A, nommer twee, steek op jou hand. Sal jy kom, dame? Nou as daar iemand kreupel is en nie kan opstaan nie, sal die plekaanwysers jou dra. Nommer twee.

174 Drie, steek net jou hand op. Dit sal tyd spaar, baie gou, as jy sal roep . . . Nommer drie, sal jy jou hand opsteek? Net hier, dame. Nommer vier, steek jou hand op, nommer vier. Gebed . . . Nommer vier, kom. goed. Nommer vyf, gebedskaart nommer vyf. Net hier, dame. Nommer ses.

175 Huh? Kan sy loop? Goed. Dis . . . Of, neem vir haar 'n stoel soontoe. Die dame is siek, dink ek, of miskien haar man, wie ook al dit was wat daar by haar gesit het. Of dis 'n . . . Neem vir haar 'n stoel soontoe, sy's . . . Goed.

176 Nommer sewe. Nommer agt. Nommer nege, nege. Ek kry . . . Ja, hier, nege, nege.Tien, nommer tien, gebedskaart tien? Elf, twaalf, dertien, dertien, veertien. Gaan af na die ander punt daaronder, die veertien. Vyftien. Goed, gaan—gaan reguit agter hulle in.

177 Nou wag net 'n oomblik totdat hierdie in lyn kom, sien, waar ons is hier net 'n oomblik. Nou die res van julle hou net julle kaart net 'n oomblik.

178 Nou hoeveel in hierdie gemeente wat siek is—is, en nie 'n gebedskaart het nie? Steek julle hande op soos *hierdie*. Goed. Elke . . . Ek gee nie om waar julle is nie. Goed.

179 Nou wees net baie eerbiedig. Nou, kyk, terwyl hulle die gebedsry opgelyn kry, gee julle almal nou vir my julle onverdeelde aandag. Julle moet luister na wat ek vir julle sê. Sien? Let op.

180 Eenkeer was daar 'n vrou, Jesus het deur die land gegaan en Hy het oor die see gegaan, en Hy het in 'n plek ingegaan en daar was 'n vrou wat 'n bloedvloeïng gehad het. En al die priesters en hulle was daar, en hulle het met Hom gespot, natuurlik. En daar was 'n klomp daarbuite wat Hom geglo het. En Hy het deur die skare gegaan. En die vrou het gesê in haar hart . . .

181 Nou luister nou aandagtig. Luister julle? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed. Hierdie, nou, die vrou . . . Sien, wanneer enigiets aandag aftrek van wat jy doen, jy sien. Elke persoon is 'n . . . Ek werk nie met jou as 'n—as 'n liggaam nie. Ek werk met jou as 'n gees, 'n siel. Sien? En daardie

beweging, jy het jou gedagtes wat êrens anders heengaan, sien, ek probeer dit beetkry. Let nou op, daar was 'n man wat na Paulus gekyk het, ernstig geglo het; Paulus het gesê: "Ek sien dat jy geloof het om genees te word." Sien? Nou let op.

182 Hierdie vrou, soos sy hier deurgegaan het, kon sy nie by Hom kom nie. Almal het hulle arms om Hom gesit, alles. Laat ons sê, laat ons net sê—net om te sê nou, sy het nie 'n gebedskaart gehad nie, en sy kon nie in die ry kom nie.

183 En so, almal: "Hello, Rabbi! Sê, is U die profeet? Ons—ons glo dat daar 'n profeet kom, maar ek—ek ken U nie. Sien, ek—ek's nie seker nie. Ek sal uit my kerk gesit word as ek Dit glo." Sien? En, julle weet, net weer dieselfde ou storie.

184 So toe hierdie vroutjie, sy het dit geglo. So sy het verbygeglip, en sy het gesê: "As ek die soom van Sy kleed kan aanraak, sal ek gesond gemaak word." So sy het Hom aangeraak.

185 Nou as enigiemand ooit die Palestynse kleed gesien het, jy het 'n onderkleed, en dan swaai die bokleed vry. Nou as 'n vrou een van julle mans se jas aangeraak het, net die punt van julle jas, net soos *daardie*, en weggegaan het, sou julle dit nooit geweet het in 'n skare soos daardie nie. Wat van daardie groot kleed wat *so* ver van Hom af gehang het? En sy was onder op haar knieë, en het net Sy kleed aangeraak, en teruggegaan.

Jesus het gestop. Hy het gesê: "Wie het My aangeraak?"

186 En kyk wat Petrus nou gesê het, met die sleutels van die Koninkryk. Met ander woorde, laat ons dit in ons dag se woorde sit: "Wel, Here, U het een van die vreeslikste goed gesê. Wel, daardie mense sal dink dat U mal is, daar iets verkeerd is. Almal het U aangeraak."

187 Almal het gesê: "Hello, Rabbi! Sê, is U die Goddelike geneser? Sê so. U sê. . . Wag, ek het 'n begraafplaas vol mense hierbo, as U een van ons wil oprig. Kom soontoe, en ons sal U glo as U dit sal doen." En net party vir Hom en party teen, net soos dit in elke skare is, sien; en wat bespot, en party wat Hom glo.

188 En Petrus het gesê: "Wel, almal raak U aan! Waarom sou U iets soos dit sê?"

189 Hy het gesê: "Maar Ek het gevoel dat Ek swak word; deug het My verlaat," dis krag.

190 Kyk, Hy het rondgekyk oor die gehoor en Hy het die vroutjie gevind. Sy kon dit nie wegsteek nie. Sien? Sy het daardie saad gehad wat daarbinne gelê het. O God, gee ons daardie Saad! Dis wat ons net nou nodig het. Hy het haar gevind, en Hy het vir haar vertel van haar bloedvloeïng. Gesê: "Haar geloof het haar genees."

191 Kyk, jy sê: "Dit, as Hy hier was vanaand, sou ek dieselfde ding doen." As Hy deur hierdie gebou geloop het, vanaand, glo jy as jy Hom sou aanraak, jy gesond gemaak sou word?

192 Wel, laat ek vir jou sê. In die Boek van Hebreërs, die 3de hoofstuk, sê dit dat: "Hy net nou 'n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede." Hoeveel glo dat dit die Waarheid is? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sien? Wel, as Hy dieselfde gister, vandag, en vir altyd is, hoe sou Hy vandag optree? Dieselfde as wat Hy gister het. Is dit reg? ["Amen."]

193 Nou jy hoef nie hierbo te wees nie. Glo jy net, en sê jy dit: "Nou, Here, ek—ek . . . Dit is heeltemal vreemd, maar die man sê dit uit die Bybel. Dit klink . . ." Dit het vreemd geklink in elke eeu. Maar ondersoek dit, en kyk of die Skrifte . . .

Jesus het gesê: "Ondersoek die Skrifte; Hulle getuig van My." Sien?

194 Nou ondersoek die Skrifte. Dis waar. Ons is in die laaste dae. Die hele natuur bewys dis die laaste dae. Die kerk in sy konglomerasie, julle gaan almal na die yslike groot ekumeniese slagting binnekort, hierbo, julle sien, net soos die moederhoer en al haar dogters, net soos—soos die Bybel gesê het, die merk van die dier neem en dit nie weet nie. Sien? Almal . . . Later daarby kom. [Leë kol op band—Red.]

195 Let nou op, terwyl Hy teenwoordig is, as ons Sy Teenwoordigheid hier kon kry. Julle daarbuite sonder gebedskaart, raak julle Sy kleed aan. Hy's die Hoëpriester. Hoe doen jy dit? Met jou geloof? Raak Sy kleed aan en kyk of Hy nie omdraai en dieselfde ding doen wat Hy toe gedoen het nie. Die Bybel het gesê: "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Dit sou baie oortuigend wees. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed.

196 Nou, almal, moet niemand nou rondskuif nie. Wees baie eerbiedig. Sien, julle moet die Heilige Gees respekteer. Respekteer! Enigste manier wat julle ooit enigiets van God sal kry, is om Sy Boodskap te respekteer. Respekteer Dit. Nou luister.

197 Laat ons net neem, al julle Metodiste, Baptiste, Pinksters, en Katolieke, en almal, neem net julle godsdiens, julle denominasie, en sit dit hier oorkant, eenkant, 'n paar minute, en sê: "As Hy die Woord is, die Woord is 'n onderskeier van die gedagtes wat in die hart is. Dit was die Messias gister; dis Hy vandag. Dit moet wees. En Hy het dit vandag belowe, nou."

198 Nou hier is 'n dametjie wat hier staan. Nou moet niemand beweeg nie. Wees net baie eerbiedig en staan stil. Nou ek, deur—deur 'n gawe . . .

199 Nou, 'n gawe is nie net iets wat jy neem soos 'n—'n kapbyl, en begin kap en sny nie. Dis verkeerd. 'n Gawe is weet hoe om jouself uit die pad te kry. Dis net jouself ontspan en jouself uitkry, en dan kom God in en gebruik jou soos Hy wil. 'n Gawe is om jouself uit die pad te kry. Sien? Nie iets wat jy in jou hand sit, om te begin steek en druk nie; dit, dit is nie God nie. Sien? Die ding wat ons doen is net om jouself uit die pad te kry, dan kom die Heilige Gees in en begin dit gebruik op enige manier wat Hy dit wil gebruik.

200 Nou jy moet jouself uit die pad kry. Maak nie saak wat God hier sou doen nie, Hy moet dit op julle doen, ook. Maak nie saak hoeveel Hy my sou salf nie, Hy moet julle ook salf. As Hy dit nie doen nie: "baie magtige werke kon Hy nie doen nie."

201 Nou ek glo ek het iemand gesien, 'n seuntjie, gelyk soos, wat hier oorkant sit in 'n rystoel of iets. Ek het gedink ek het 'n man daaragter gesien, maak nie saak wat dit is, waar jy is nie, glo jy net nou. Hier is 'n vroutjie hier moet sit, geboë.

202 Nou onthou, ek kan niemand genees nie. Daar is nie so-iets soos enige mens wat kan genees nie. Dis God. Hoeveel verstaan dit nou? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Genesing is alreeds gekoop. Dis om julle te kry om te glo dat Sy Teenwoordigheid hier is, om Sy Woord te hou. Nou as ek vir julle Sy Woord vertel het, dat Hy belowe het om dit te doen, en julle almal glo dit; nou as Hy dit doen, identifiseer dit Hom hier.

203 Nou hier is 'n vrou wat hier staan, 'n dametjie. Sy is baie jonger as wat ek is. En hier is 'n prentjie van Johannes 4, 'n man en vrou wat die eerste keer ontmoet. Ons is vreemdelinge, veronderstel ek, jongdame, (is ons?) vir mekaar. [Die suster sê: "Ja, meneer."—Red.] Ons is. Nou ek wil hê die gehoor moet kyk. Ek ken haar nie. Ek het haar nog nooit gesien nie. Julle het haar dit pas hoor sê. Ek ken haar nie. Sy ken my nie. Hier staan ons.

204 Nou sy mag siek wees. Sy mag finansieel wees. Dit mag huislike probleme wees. Dit mag vir iemand anders wees. Ek—ek het nie die geringste idee nie. Ek ken nie die vrou nie, haar nog nooit gesien nie.

205 Maar as Christus hier gestaan het, met hierdie pak aan wat Hy my gegee het, nou . . . En as sy sou sê sy is siek, as sy sou sê: "Here, sal U my genees?" Wel, Hy sou reguit terug sê, ook, Hy kan nie meer doen nie, en vir haar sê Hy het dit alreeds gedoen. [Die suster sê: "Prys God!"] Hoeveel glo dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sien? Hy kon nie doen . . .

206 Maar Hy kan Homself identifiseer om die Messias te wees. Hy sou dit weet, omdat Hy dit sou doen, dieselfde karaktereienskap sou hê. Maar dit sal nie ek wees as Hy dit gedoen het nie, omdat . . .

207 Eers, was dit God in die Vuurkolom, God bokant ons; toe God met ons, in Christus; nou God in ons, sien, seuns van God, in die aanneming wat Christus gekom het om te doen, om God se eienskappe te verlos soos Hy aan die begin gedoen het.

208 Nou as Sy Woord *hierbinne* woon, en ek die Waarheid vertel het, en dit is dit, en die Woord is hierbinne, in my hart, dan sal God Homself identifiseer dat dit die Waarheid is. Dan wat behoort dit te doen aan hierdie gemeente? Wat behoort dit te doen, wanneer jy die Skrif hier reg voor jou sien? [Gemeente juig—Red.]

209 Nou, nou ek moet praat met die vrou, want ek het gepreek. Net 'n oomblik met haar praat, tot die Heilige Gees begin beweeg, en julle almal dan begin glo. Nou, en ons sal julle môre-aand sien, nou. Sien, hierdie hier, jy's—jy's in 'n ander wêreld, 'n ander dimensie, jy net. . . jy weet nie wat plaasvind nie. Jy, wie ook al op die mikrofoon is, hou dit net hard gestel.

210 Nou ek wil net met jou praat soos ons Here het met die vrou by die put. Nou, ek's 'n man, en jy's 'n vrou, die eerste keer wat ons op die aarde ontmoet, en—en nou as. . . Hy het vir haar gesê: "Ek wil water hê om te drink," of so-iets. Jy onthou die storie? Het jy dit ooit gelees in die Bybel? Jy't dit gelees? Goed.

211 Nou as die Here Jesus dieselfde ding sal doen vanaand, soort van sal openbaar aan my wat jou probleem is, of wat jy gedoen het, of—of waarvoor jy hier is, of so-iets soos daardie, sal jy weet dit—dit moes van 'n bonatuurlike krag kom. Sou jy glo dit sou wees wat ek jou gewys het wat die Skrif sê dit gaan wees? Ons sien die aardbewings, ons sien die wêreld in hierdie chaos, ons sien die denominasies soos hulle is, en dis tyd daarvoor om te gebeur. Is dit nie? Glo jy dit? Wel, nou, as Hy Homself sou identifiseer daarmee, sou dit God moes wees. Dit kon nie ek wees as 'n mens nie. Ek is net jou broer.

212 Nou, jy is 'n Christen. Nie omdat jy sê: "prys die Here" nie. Jy kan 'n bedrieër wees wat daar staan, dit sê. Sien? Maar, as dit was, sou Hy—sou Hy—sou Hy dit weet. Sien? Maar ek voel jou gees vibreer. Dis waar. Jy's 'n Christen.

213 Nou, as die Here Jesus aan my sou openbaar wat verkeerd is met die vrou, hoeveel sal nou glo met julle hele hart? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

214 Nou kyk na my, suster, net 'n oomblik. Hier kom Dit. Sien, nou ek net. . . Dit moet 'n gesig wees, jy sien. Dit sal dit moet sien op 'n manier, want. . . Ja, meneer. Nou hier is Dit. Prys God! Ek neem elke gees, hieronder nou, onder my beheer, in die Naam van Jesus Christus. Wees eerbiedig. Kyk hier net 'n oomblik, dame. Kyk na my. Nou is die tyd vir Here om iets te sê of iets te doen.

215 As julle bewus is, as julle ooit daardie foto van daardie Lig gesien het, Dit staan tussen my en die vrou. En sy is hier, sy ly aan 'n bloedsiekte. Dis diabetes. As dit reg is, steek jou hand op. Sien? Nou wat as. . .

Iemand mag sê: "Jy het dit net geraai."

216 Kyk hier, jongdame. Jy's 'n baie gawe persoon nou. Kyk hier. Glo jy dat ek God se dienaar is? [Die suster sê: "Ja, meneer."—Red.] Jy glo. Ek kan nie genees nie. En ek weet nie wat dit was wat vir jou gesê is nie. Wat dit ook al was, was waar, was dit nie? Hier is iets anders. Ek sien 'n—'n meisie. Dis 'n dogtertjie waarvoor jy bid, wat iets in haar oor het. Dis 'n loop-oor, is dit nie reg nie? Ja, ja, dis reg. Dit gaan gesond word. Jy gaan gesond word. Nou gaan, glo dit. Gaan, glo dit met jou hele hart. Glo, suster.

217 Nou glo julle dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd? [Gemeente juig—Red.] As julle net glo, hê net—net geloof. Sien? Moenie twyfel nie. Sien: "Dit onderskei die gedagtes en oorlegginge van die hart." Hoeveel weet die Woord doen dit? ["Amen."] Die Bybel, wys julle het die Bybel gelees. Nou maak nie saak waar julle is nie, glo nou die salwing.

218 Hoeveel het die foto van die Engel van die Here gesien, wat hier oorkant geneem is? Nou daardie selfde Lig is nie twee voet af van waar ek nou staan nie. Sien, dis in 'n ander dimensie wat julle nie sal sien nie. Ons lewe net in vyf; hierdie is 'n ander een. Nou wees eerbiedig net 'n oomblik.

219 Nou hier is 'n dame. Ek ken haar nie. Ek het haar nog nooit gesien nie. Ons is vreemdelinge vir mekaar, veronderstel ek. [Die suster sê: "Ja."—Red.] En hierdie is ons eerste keer van ontmoeting, en net 'n man en 'n vrou. En as ek enigiets vir jou kon doen, sou ek—ek dit beslis doen, maar ek—ek is net 'n mens.

220 Maar, deur 'n gawe van God, wil ek identifiseer, wil ek hê Jesus moet Homself identifiseer aan die Woord wat ek pas gepreek het, om te wys dat hierdie die uur is; die Woord wat bepaal is vir hierdie uur, dat ons verby die denominasionele geledere is, ons gereed maak om na die Wegraping te gaan. Probeer mense net geloof laat kry, om te glo. Sien?

221 Net soos in die—die piramide, sien, die hoofsteen wat nooit opgekom het nie. Op julle dollarnoot, het dit dit. Sien? Nou, daardie bediening met die hoofsteen. Waar dit hier ver onder in die Lutherse, Wesley, en onderdeur was, is dit net. . . Nie 'n piramide doktrine nou nie, sien. Ek wys dit net as 'n illustrasie. Die hoofsteen moet so volmaak soos die res van hulle wees, totdat dit net reguit daarby inpas. Die bediening van Christus sal in Sy Kerk wees, net presies soos Hy in Gees, wanneer Hy kom om die Kerk te neem, om die hele ding te verlos, dan op te gaan.

222 Glo jy dit? [Die suster sê: "Ja, ek glo."—Red.] Ek het dit net gesê omdat ek 'n bietjie ontspan. Sien, dis, gesigte is moeilik. Daardie een vrou het Sy kleed aangeraak en Hy het gesê: "Ek voel deug. . . " En dit was die Seun van God. Wat van my, 'n sondaar gere-. . . Sien? Verstaan jy? ["Ja."] Uh-huh. Nou as die Here Jesus vir my jou probleme sal openbaar, sal jy. . . ["Dank U, Jesus."]

223 Nou moenie bang wees nie. Dit sal jou nie seermaak nie. Jy kry 'n baie snaakse gevoel, jy sien. Dis wanneer daardie Lig oor jou afsak. Nou as dit, sodat die mense sal weet, steek jou hand op. So jy. . . 'n Baie soet, baie goeie gevoel, sien, sien, het pas oor jou beweeg. Nou kan jy glad nie jou lewe wegsteek nie.

224 Jy ly aan 'n sinustoestand. En dis reg. [Die suster sê: "Ja."—Red.] Het iemand op jou hart, waarvoor jy bid. ["Ja."] Goed, meneer, dis jou man. ["Ja."] En daardie man het probleme met sy oë, wat veroorsaak word deur suikerdiabetes. En dis presies reg. Sien? Goed. Nou, nou glo met jou hele hart, en albei van julle. . . Glo jy? Goed, meneer. Dan, volgens jou geloof, laat dit met jou wees, my suster. Here seën jou. Hê geloof. Moenie twyfel nie. Glo met jou hele hart.

225 Nou ons is vreemdelinge, ook, vir mekaar. Glo julle dit? Nou, om in die Teenwoordigheid van 'n mens te staan sou jou nie so laat voel nie. Sien? Jy weet dis iets behalwe ek. Ek's net soos. . . Net soos daardie lessenaar daar, dis net 'n lessenaar. En ek's net 'n mens. Maar jy glo jy's in Sy Teenwoordigheid, nie myne nie; Sy Teenwoordigheid? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Dankie. Sien? Jy glo dit regtig, ook. En jy moet dit glo, want ek sien 'n skaduwee, sien. Nou jy moet glo.

226 Nou jy ly aan inwendige probleme, inwendige organe. Jy het 'n operasie gehad. Dis reg. Geopereer, en dit help nie. Dis pla steeds. Dis presies reg. Dan kry jy ernstige hoofpyne hier wat jou pla. Nou jy weet iets moet daardie dinge weet, nie waar nie? Glo jy nou jy kan dit ontvang? Jy glo dit? Goed, gaan ontvang dit dan, in die Naam van die Here Jesus. Amen.

Almal bid nou.

227 Glo jy dat God aan my kan openbaar die ding wat jy begeer? Sou jy dit dan glo, dat dit sou, daardie knop in jou sy sal weggaan? Goed, gaan glo dit dan, en dan sal dit—dit dit doen.

228 Ek weet jy is swak. Ek wil jou nie langer hou as wat ek kan verhelp nie. Glo jy dat ek God se dienaar is? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Jy glo. Ek's 'n vreemdeling vir jou. ["Ja."] En ons ken nie mekaar nie. As ek jou kon help, sou ek dit sekerlik doen, dame. Ek sou—ek sou loop, kruip, 'n vyf-en-twintig sent stuk met my neus deur die strate van die stad stoot, om jou te help, want jy's—jy's jonk, en jy is geskadu.

229 Ek besef nou, nadat ek met jou gepraat het en dit gesê het, jy wel weet wat verkeerd is. So jy weet dat jy dadelik moet sterf as iets nie vir jou gedoen word nie. Jy het 'n vroueprobleem, dis in jou vroulikes, en dis kwaadaardig. Dis 'n kanker. ["Ja. Ja."] En jy moet dadelik sterf as God jou nie help nie. ["Nog een maand. . .?. . ."—Red.] Dis reg. Glo jy dat Hy jou sal gesond maak? ["Ja, ek glo."] Kyk, suster, dis—dis jou enigste hoop. Glo dit nou dadelik, met jou hele hart, en lewe vir die Koninkryk van God.

230 Ek lê my hande op die dametjie, in die Naam van Jesus Christus, en bestraf die duiwel wat haar lewe neem. Mag hy haar verlaat, en mag hierdie meisie lewe, vir die Koninkryk se onthalwe. Amen.

231 God seën jou, suster. Glo dit nou met jou hele hart. Glo met jou hele hart.

232 Nog 'n skaduwee. Glo jy dat God dit kan genees en dit kan gesond maak, dit wegneem van jou? Het 'n baie vreemde gevoel gehad toe daarvoor gesorg is, het jy nie? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Dit eintlik, het jou eintlik net daar verlaat. Dis reg. Nou glo jy dit, met jou hele hart, en dit sal wegbly van jou. Gaan, glo. God seën jou. Goed.

233 Kyk na my, suster. Jy wil jou aandete gaan eet en weer goed voel daaroor? Gaan net voort. Daardie maagseer sal jou verlaat, en jy sal weer gesond gemaak word. Goed.

234 Kyk hiernatoe, dame. Waarvoor is jy bang? Jy het 'n senuweetoestand. Dit het jou gepla vir 'n lang tyd. Glo jy dat God daardie senuweeagtigheid kan genees en maak. . . Negentig persent van hierdie gehoor vibreer met dieselfde ding net nou. En dis presies reg. Sien? Jy wil 'n plek hê om altyd jou voet neer te sit. Jy, hulle sê almal vir jou: "Kom by, en glo *dit*, *dat*." Maar jy moet 'n beginpunt hê. Jy is net nou daarop. Glo dit, sal jy? Die Woord van God sê jy's vry. Glo jy dit? [Die suster sê: "Amen."—Red.] Goed, gaan en wees vry van daardie ding. Goed. God seën jou, suster.

235 Glo God kan diabetes genees en jou gesond maak? [Die broer sê: "Ja."] En jy glo? Bly net beweeg, sê: "Dank U, Here Jesus. Ek sal gaan en dit met my hele hart glo."

236 Senuweeagtig, 'n damesprobleem, en jy het 'n vrouesiekte. Glo jy dat God kan. . .En maagprobleem, ook. Glo jy dat God jou kan gesond maak? Gaan op jou pad, juig, sê: "Dank U, Here."

237 Kyk na my, meneer. Jy's 'n baie sterk man, maar daardie senuwees is baie swak. Glo jy dit gaan vanaand beëindig word? Gaan, ontvang dit in die Naam van die Here Jesus. Glo dit met jou hele hart. Ja.

238 Kom, suster. Kyk hiernatoe. Ja, ek sien jy probeer opstaan, is kreupel aan die kant van die bed. Jy het artritis. Glo jy dat God jou sal gesond maak? Gaan net voort, glo dit, en sê: "Jesus Christus maak my gesond," en glo dit met jou hele hart.

239 My suster, glo jy dat God daardie diabetes kan genees en jou gesond maak, ook? Goed. Gaan op jou pad, sê: "Dank U, Here Jesus."

240 Kom, dame. Hy wil jou graag laat glo dat jy jou verstand gaan verloor. [Die suster roep uit: "O!"—Red.] Hy vertel jou dit, maar hy's 'n leuenaar. Jy's nou vry. ["O God!"] Gaan huis toe en juig, Jesus Christus maak jou vry. ["O! O Jesus! Jesus! Jesus! Halleluja!"]

241 Glo God kan daardie maagprobleem genees, jou gesond maak? Gaan op jou pad, juig, sê: "Dank U, Here Jesus."

242 Kom, dame. Nou dieselfde ding. Moenie dat hulle dit vir jou vertel nie. Dis 'n senuweetoestand. Glo jy dat God jou gaan gesond maak, vanaand? Dis jou enigste hoop om dit te doen. Begin op jou pad, juig, bly, en glimlag, en wees soos jy altyd was. Sien?

243 Glo julle met julle hele harte? Hoeveel glo nou met julle hele hart: "Ek glo"? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek glo Jesus red, en Sy Bloed was witter as sneeu. Glo julle dit!

244 Wat van julle in die gehoor, glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Jy bid nou, sê: "Here Jesus, die man is ver van my." Party van julle hieragter in iewers, goed, bid en glo dit.

245 Hierdie man wat hier reg agter sit, galblaasprobleem. Glo jy God sal die galblaas genees en jou gesond maak? Jy, goed, jou geloof, jy het Iets aangeraak. Ek ken hom nie, maar hy het Iets aangeraak. Sien?

246 Daardie dame wat juig, langs jou daar. Glo jy dat God die artritis in jou sal genees, dame, en jou gesond sal maak? Glo jy dit? Goed, jy kan opstaan . . . Jy kan joune kry.

247 Die een wat reg langs jou sit, het probleme met jou oog. Glo jy God sal daardie oogprobleem genees en jou gesond maak? Goed, as jy dit glo, kan jy dit ook kry.

248 Een wat net langs jou sit, het probleme met die lip. Glo jy dat God daardie groeisel op jou lip sal genees en jou gesond maak? Jy kan joune ook kry.

249 Ek daag jou uit om dit te glo. Amen. Hê geloof in God! Moenie twyfel nie. Glo net! Hê geloof!

250 'n Dame wat hier sit, wat daaragter so eerlik lyk, wat daar sit en ly aan hartprobleme. Glo jy dat God die hartprobleem sal genees, en jou gesond sal maak, dame? As jy glo, kan jy kry waarvoor jy gevra het. Ja.

251 Nou jy wat jou sakdoek teen jou gesig gedruk het, jy het probleme met jou nek en met jou rug. Dit is veroorsaak deur ’n outomobielongeluk. Jy is getref in ’n outomobiel, en het jou nek en rug beseer. Glo jy jy gaan gesond word? Jy kan kry waarvoor jy gevra het.

252 Wat van *hier* oorkant, iemand hier oorkant wil glo? Daar sit ’n dame wat na my kyk, is baie senuweeagtig, wat net daar sit en na my kyk. Dis haar seun wat langs haar sit, wat hartprobleme het. Glo julle dat God albei van julle sal genees. Julle glo, steek julle hande op, sê: “Ek aanvaar dit.” Dan kan julle genees word, in die Naam van Jesus Christus.

253 God se karaktereienskappe wat Homself identifiseer. Glo julle Hy is hier? Hoeveel gelowiges? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Lê dan julle hande op mekaar. Sit julle hande oorkant op mekaar. Plaas julle hande op mekaar, dan.

254 Ons Hemelse Vader, in die Naam van Jesus Christus, mag die duiwel hierdie gehoor verlaat, en mag hy uitgewerp word in die buitenste duisternis.

Die Geïdentifiseerde Christus Van Alle Eeue AFR64-0401
(The Identified Christ Of All Ages)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Woensdagaand, 1 April 1964, by die 4-H Club Barn in Louisville, Mississippi, V.S.A., is geneem vanaf ’n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral’s Park, Gordon’s Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org